# HOOFSTUK 5

## EMPIRIESE ONDERSOEK NA DIE TAAK VAN DIE HOOF VAN DIE SEKONDÊRE SKOOL AS KURRIKULÊRE VERNUWINGSAGENT IN DIE ONDERWYS

### 5.1 Inleiding

Nadat daar in die vorige hoofstukke 'n literatuur=studie geloods is na: kurrikulumvernuwing in die sekondêre skool (hoofstuk 2), die take van die hoof in kurrikulumvernuwing (hoofstuk 3), en die opleiding van die hoof van die sekondêre skool in kurrikulum=vernuwing (hoofstuk 4), sal daar in hierdie hoofstuk daartoe oorgegaan word om die navorsingsontwerp uit=een te sit.

Verder sal daar gepoog word om die gegewens wat inge=win is deur die empiriese ondersoek weer te gee, te interpreteer en sekere afleidings daaruit te maak.

### 5.2 Program van data-insameling

Die empiriese ondersoek sal soos volg geloods word:

Eerstens sal die menings van kurrikulumkundiges in dié verband gepeil word deur persoonlike onderhoude te voer met enkele kurrikulumkundiges verbonde aan onderwysdepartemente en universiteite.

Tweedens sal die menings van professionele onderwys=leiers gepeil word deur met enkele van die professio=nele onderwysleiers verbonde aan onderwysdepartemente persoonlike onderhoude te voer in dié verband.

Derdens sal die menings van die hoofde van sekondêre blanke skole in Transvaal gepeil word deur hulle te versoek om 'n gestruktureerde vraelys oor genoemde saak te beantwoord en aan die navorser terug te stuur.

### 5.3 Doel met die empiriese ondersoek

Die doel met die empiriese ondersoek is tweërlei van aard, naamlik:

Eerstens sal daar deur middel van persoonlike onder=

houde met kurrikulumkundiges en professionele onderwys= leiers bepaal word wat hulle menings ten opsigte van die taak van die hoof van die sekondêre skool in kur= rikulumvernuwing is. Verder sal hulle menings oor die opleiding van die hoof in kurrikulumvernuwing ge= peil word.

Tweedens sal daar met behulp van 'n gestruktureerde vraelys bepaal word wat die menings van die hoofde van sekondêre blanke skole in Transvaal in verband met die taak en opleiding van die hoof in kurrikulumver= nuwing is.

5.4 Navorsingshipoteses (vgl. ook paragraaf 1.4 en 1.5)

i) Vernuwing is die positiewe verandering wat doel= bewus en bepland gerig is op 'n beter en doel= treffender bereiking van die doel.

ii) Onderwysvernuwing is die positiewe verandering wat doelbewus en bepland gerig is op 'n beter en doeltreffender bereiking van die doel van die onderwys.

iii) Kurrikulumvernuwing vind as proses in verskil= lende stadiums en met wisselende betrokkenheid van die hoof plaas. Kurrikulumvernuwing word herken wanneer enige samevoeging van vroeëre afsonderlike inhoude, byvoeging tot bestaande doel en inhoud van die vak of dele daarvan, en/ of weglatings van dele van die kurrikulum voor= kom. Indien metodologiese en evalueringsrig= lyne, wat in gidse vir die onderwyser gegee is, gewysig of in 'n proses van wysiging is, word dit ook as kurrikulumvernuwing beskou.

iv) Strategieë vir kurrikulumvernuwing kan beskou word as metodes of maneuvers waarvan gebruikge= maak word om vernuwing binne 'n kurrikulum tot stand te bring.

v) Kurrikulumvernuwing bestaan uit die volgende stap= pe, naamlik: Inisiëring, herontwerp, herimple= mentering, herevaluering en inkorporering.

vi) Die volgende strukture is betrokke by kur=rikulumvernuwing, naamlik: Onderwysdeparte=mente (sillabus- of kurrikulumkomitees, onder=wysburo's, projekspanne, werkgroepe en onder=wysersentra), die skool en die klaskamer. Die volgende persone is betrokke by kurrikulumver=nuwing, naamlik: Superintendente van Onderwys Akademies, dosente aan universiteite en onder=wysopleidingskolleges, kurrikulumkundiges, die hoof, adjunk-hoof, departementshoof, onderwy=sers en professionele onderwysleiers.

vii) Die hoof van die sekondêre skool het 'n taak in kurrikulumvernuwing in die onderwys wat die inisiëring, implementering en inkorporering daarvan betref.

viii) Die hoof van die sekondêre skool kan opgelei word om sodoende sy taak in kurrikulumvernuwing doeltreffend te kan uitvoer.

## 5.5 Omskrywing van die studiepopulasie

Toestemming is deur die Direkteur van Onderwys van Transvaal verleen om gestruktureerde vraelyste aan die hoofde van sekondêre skole in Transvaal (239 skole) te stuur. Daar sal geen steekproef getrek word nie, maar alle Afrikaansmedium, Engelsmedium en dubbelmedium blanke skole in Transvaal sal in die navorsingspopulasie ingesluit word.

Nadat daar vraelyste aan 239 hoofde van sekondêre skole gestuur is (vgl. tabel 5.1 a&b) het twee hoofde versoek om nie aan die ondersoek deel te neem nie en daarom dan ook die vraelyste onvoltooid teruggestuur. Hierdie hoofde wou nie aan die ondersoek deelneem nie omdat hulle as adjunk-hoofde by die skool waargeneem het as hoof en hulle self nie as ervare genoeg beskou het om die vraelys te voltooi nie. Die twee hoofde wat nie aan die ondersoek deelgeneem het nie, verteen=woordig 0,8% van die totaal van al die hoofde waaraan vraelyste gestuur is.

Die moontlike getal vraelyste wat dus terugontvang kon word, is 237 vraelyste wat 99,2% van die totale getal vraelyste wat uitgestuur is, uitmaak.

'n Werklike getal van 185 vraelyste is terugontvang wat 78,1% van die moontlike getal vraelyste wat terug=ontvang kon word, uitmaak (vgl. tabel 5.1 a&b).

As studiepopulasie is al die hoofde uit 'n moontlike getal van 237 sekondêre skole in Transvaal gebruik vir die navorsingsprojek. Hieruit kan dus afgelei word dat die teikenpopulasie inderdaad op 237 hoofde gemik was en dat die studiepopulasie verteenwoordig is deur 185 hoofde van sekondêre skole.

Daar sal onderskei word tussen die verskillende skole ten opsigte van die taalmedium waarin die onderrig by die verskillende skole plaasvind, naamlik: Afrikaans=mediumskole, Engelsmediumskole en dubbelmediumskole.

Daar sal verder onderskei word tussen skole wat in stedelike, semi-stedelike en plattelandse gebiede ge=leë is. Vir die doel van hierdie ondersoek is die onderskeid tussen die bogenoemde drie gebiede soos volg getref, naamlik:
Stedelike gebiede, byvoorbeeld: Pretoria, Johannes=burg, die Oosrand, die Wesrand, Vereeniging en Van=derbijlpark.
Semi-stedelike gebiede, byvoorbeeld: Orkney, Klerks=dorp, Potchefstroom, Lichtenburg, Carletonville, Pietersburg, Nelspruit, Middelburg, Witbank, Heidel=berg en Ermelo.
Plattelandse gebiede, wat die ander dorpe in Transvaal insluit.

Verder word daar onderskeid gemaak tussen skole op grond van leerlingtal en gekompliseerdheid van die skool ooreenkomstig direktiewe van die TOD, naamlik:
Gekompliseerde skole (GS). Hierdie skole word volgens kompleksiteit as GS-skole gegradeer (TOD-kennisgewing 906 van 1985: 11).
Groot sekondêre skole (S.I). Hierdie skole word as

Tabel 5.1(a) Die getal vraelyste uitgestuur aan hoofde van sekondêre skole en die moontlike en werklike getal vraelyste wat terugontvang is

| Getal vraelyste aan hoofde gestuur | | Getal hoofde wat versoek het om nie deel te neem aan die ondersoek nie * | | Moontlike getal vraelyste wat terugontvang kon word | | Werklike getal vraelyste wat terugontvang is | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal n | % | Getal n | % | Getal n | % | Getal n | % |
| 239 | 100 | 2 | 0,8 | 237 | 99,2 | 185 | 78,1 |

n = getal respondente

* = Hoofde wat versoek het om nie aan die ondersoek deel te neem nie omdat hulle adjunkhoofde is wat vir 'n baie kort tydperk as hoofde waarneem en hulle self dus nie as ervare genoeg geag het om die vraelys te voltooi nie.

Tabel 5.1(b) Getal skole volgens kategorieë en die getal vraelyste uitgestuur en terugontvang

| Getal | Graad van skool | | | Medium van onderrig in skool | | | Waar skool geleë is | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GS. | S.I | S.II | Afr. | Eng. | Afr./Eng. | Stedelik | Semi-stedelik | Platteland |
| Totale getal skole in Transvaal * | 90 | 112 | 45 | 143 | 74 | 30 | 157 | 41 | 49 |
| Getal vraelyste uitgestuur + | 88 | 106 | 45 | 137 | 72 | 30 | 149 | 41 | 49 |
| Getal vraelyste terug ontvang | 62 | 90 | 33 | 120 | 47 | 18 | 100 | 40 | 44 |
| % Respons | 70,5 | 84,9 | 73,3 | 87,6 | 65,3 | 60,0 | 67,1 | 97,6 | 89,8 |

* = Vgl. bylaag I en J

\+ = Die getal verskil omdat die skole wat gebruik is in die loodsimplementering buite rekening gelaat word.

Ooreenkomstig die minimum persentasie terugsending van vraelyste nl. 70% (vgl. par. 5.6.8) is dit uit tabel 5.1(b) duidelik dat slegs kategorieë medium van onderrig: Engels (65,3) en Afr./Eng. (60,0) asook skole in stedelike gebiede (67,1) nie aan hierdie vereiste beantwoord het nie.

Die aanname word egter gemaak dat daar steeds geldige afleidings uit response van hierdie drie kategorieë gemaak kan word.

S.I-skole gegradeer as die gemiddelde leerlinginskrywing 550 en meer leerlinge vir die voorafgaande skooljaar was (Transvaalse Onderwysdepartement-kennisgewing 906 van 1985: 11).

Klein sekondêre skole (S.II). Hierdie skole word as S.II-skole gegradeer wanneer die gemiddelde leerlinginskrywing van die vorige skooljaar 549 en minder leerlinge was (TOD-kennisgewing 906 van 1985: 11).

Wat die onderhoude betref, word daar onderhoude gevoer met kurrikulumkundiges van verskillende universiteite en onderwysdepartemente asook professionele onderwysleiers van verskillende onderwysdepartemente*.

## 5.6 Die vraelys as instrument tot data-insameling

### 5.6.1 Die vraelys (vgl. Bylaag F)

Die vraelys word beskou as 'n onderhoud in geskrewe vorm (Nisbet, 1974: 44). Die wyse waarop 'n vraelys saamgestel word, stem baie ooreen met dié wat gevolg word wanneer 'n skedule vir 'n onderhoud saamgestel word. As gevolg van die feit dat daar by die vraelys se beantwoording nie 'n persoon teenwoordig is wat die onderhoud voer nie, is die vraelys redelik onpersoonlik. Daarom sal daar by die opstel van 'n vraelys noodgedwonge baie versigtig en noukeurig te werk gegaan moet word wanneer die vrae geformuleer word. Die verskillende vrae en antwoorde (afleiers) sal by die vraelys baie versigtiger oorweeg en deurdink moet word, omdat daar nie 'n onderhoudvoerder teenwoordig is wat onduidelikhede kan opklaar en verder kan toelig wanneer die vraelys beantwoord word nie.

### 5.6.2 Voordele van die vraelys as instrument tot data-insameling

*"Met vraelyste kan inligting, wat op ander wyses nie*

---

* Die name van die persone wat verbonde is aan 'n onderwysdepartement mag op versoek van die verskillende onderwysdepartemente nie gemeld word nie. Om hierdie rede sal die persone waarmee daar onderhoude gevoer is se name nie genoem word nie.

*verkry kan word nie, bekom word*" (Landman, 1980: 108). Die belangrikste verdere voordele wat die vraelys inhou, is dat dit baie ekonomies is wat geld, tyd en arbeid betref. Dit kan ook baie mak= lik toegepas word op 'n baie groot groep persone (Nisbet, 1974: 44).

5.6.3 Nadele van die vraelys as instrument tot data- insameling

Die vraelys hou egter ook nadele in wat by die ge= bruik daarvan nie uit die oog verloor mag word nie. Die vernaamste nadele van die vraelysmetode is die volgende:

Die korrektheid en geldigheid van die antwoorde word soms bevraagteken omdat die moontlikheid wel bestaan dat sommige van die respondente onwillig mag wees om die vraelys te voltooi. Hierdie on= willigheid van die respondente kan veroorsaak word deurdat daar by hom die gevoel mag ontstaan dat hy misbruik word, aangesien hy sy kennis en ervaring met 'n vreemdeling moet deel. Dit kan verder ver= oorsaak word deur 'n gebrek aan belangstelling deur die respondent. Die respondent kan ook onwillig wees om die vraelys in te vul omdat dit te veel van sy tyd in beslag sal neem. Die respondent kan om hierdie redes die vrae nie deeglik oorweeg nie en sodoende nie sy eerlike mening weergee nie (Bur= roughs, 1975: 106).

'n Lae terugsendingsyfer van die vraelyste kan ver= oorsaak dat die gegewens wat so verkry word nie as verteenwoordigend van die studiepopulasie beskou kan word nie.

5.6.4 Faktore wat in aanmerking geneem moet word tydens die konstruksie van 'n vraelys

Landman (1980: 109-110) en Burroughs (1975: 106-108) het die volgende riglyne vir die konstruksie van 'n vraelys daargestel:

5.6.4.1 Strukturering van die vrae en afleiers

By die strukturering van die verskillende vrae en afleiers moet die volgende in aanmerking geneem word (Burroughs, 1975: 106; Landman, 1980: 109):

- Is die vraag noodsaaklik vir die ondersoek?
- Watter doel gaan die vraag dien?
- Is die vraag eenvoudig genoeg gestel? Met ander woorde, is die vraag duidelik verstaan=baar?
- Handel die vraag oor slegs een onderwerp?
- Bestaan daar miskien alternatiewe antwoorde vir die spesifieke vraag?
- Moet die vraag nie liefs in onderafdelings verdeel word nie?
- Moet daar gebruik gemaak word van direkte of indirekte woordkeuse?
- Beskik die respondente oor die nodige kennis om die vraag te beantwoord?
- Is die vraag nie te algemeen of te abstrak ge=stel nie?
- Is die vraag te spesifiek?
- Is die vraag te partydig of bevooroordeeld?
- Sal die respondente die vrae aanvaar en beant=woord?
- Is dit vir die respondent moontlik om 'n ant=woord op die vraag te kan gee?

5.6.4.2 Die volgorde van die vrae

Wanneer die vrae in 'n logiese volgorde geplaas word, is dit belangrik om te let op die volgende:

- Volg die vrae natuurlik op mekaar, met ander woorde is die vrae in 'n logiese volgorde ge=rangskik?
- Word sekere antwoorde nie miskien deur die voor=afgaande antwoorde beïnvloed of gesuggereer nie?

5.6.4.3 Die wyse waarop die vrae beantwoord moet word

Die volgende besluite rakende die wyse waarop die vrae beantwoord word, moet oorweeg word:

- Hoe toon die respondent aan watter antwoord hy op die vraag kies?
- Kan die respondent meer as een antwoord op 'n vraag gee?
- Sal dit moontlik wees om die antwoorde wat verkry is, te interpreteer om sodoende af= leidings daaruit te kan maak?
- Gaan daar ruimte gelaat word vir ope vrae?

5.6.4.4 Die formaat (tegniese aspekte) van die vraelys

Wat die formaat en aanbieding van die vraelys be= tref, moet daar op die volgende gelet word:

- Skep die vraelys in sy geheel 'n netjiese indruk?
- Lyk die vraelys kort en maklik om te beant= woord?
- Is die instruksies aan die respondent duidelik?
- Is daar 'n netjiese begeleidingsbrief, asook 'n gefrankeerde koevert ingesluit?
- Hoe word daar bepaal watter vraelyste nie terugontvang is nie?

5.6.5 Die begeleidende brief (vgl. Bylaag E)

Dit is noodsaaklik om 'n begeleidende brief saam met elke vraelys te stuur. Die doel van die bege= leidende brief is om aan die respondent te ver= duidelik wat van hom verwag word en waarom dit van hom verwag word. Die doel van die ondersoek word aan die respondent verduidelik om hom sodoende te motiveer om die vraelys in te vul. In die brief moet gemeld word watter instansie die vraelys goed= gekeur het en dat die inligting wat ontvang word as vertroulik beskou sal word. 'n Definitiewe datum waarop die vraelys teruggestuur moet word, moet gestel word en 'n gefrankeerde koevert moet inge= sluit word.

Die brief moet ook aan die volgende vereistes vol=doen:

- Dit moet kort en netjies wees.
- Dit moet spesifiek aan die respondent geadres=seer word (Landman, 1980: 111).

5.6.6 Toestemming van die TOD (Vgl. Bylaag B, C en D)

Voordat die vraelyste uitgestuur word, moet die toe=stemming van die beherende instansie (in hierdie ge=val die TOD) eers daarvoor verkry word. Die toe=stemmingsbrief moet aan die vraelys geheg word.

5.6.7 Loodsimplementering van die vraelys

Voordat die vraelys uitgestuur word, is dit noodsaak=lik dat dit eers uitgetoets word om te bepaal of daar moontlike tekortkominge en/of voorstelle vir verbetering is.

Twee of drie persone kan genader word om die vraelys te beantwoord. (Die vraelys is aan die volgende drie persone voorgelê, naamlik: Dr. A A van der Merwe, Dr. C G Coetzee en Dr. C P Jansen, almal verbonde aan die Buro vir Kurrikulering en Evaluering, om dit deur te gaan en leemtes en foute uit te wys).

Nadat die veranderinge aangebring is, word die vrae=lys aan 'n klein steekproef van die studiepopulasie uitgestuur vir verdere kommentaar. (In hierdie ge=val is die vraelys aan al die hoofde van sekondêre skole in komprehensiewe eenheid vyf-en-twintig vir voltooiing gestuur).

Wanneer die vraelys finaal verander en reggestel is, word dit aan die studiepopulasie, uitgesonderd die=gene wat vir die loodsimplementering genader is, as 'n geheel gestuur om beantwoord te word.

5.6.8 Geldigheid van die ondersoek

Die ideale terugvoering van vraelyste word beskou as ten minste 70% van die vraelyste wat uitgestuur

is (Landman 1980: 108). Wanneer daar meer as 30% van die vraelyste wat vir beantwoording aan 'n steekproef uitgestuur is, nie terugontvang word nie, kan die geldigheid van die ondersoekresultate volgens Ary (1972: 71) bevraagteken word.

Indien daar nie genoeg vraelyste terugontvang is nie, sal 'n aanmaning eers skriftelik en indien daar geen reaksie ontvang word nie, telefonies aan die respondente wat nog nie die vraelys teruggestuur het nie, gestuur of gedoen moet word om sodoende hulle te versoek om die vraelys terug te stuur. Dit sal raadsaam wees om weer 'n vraelys aan die persone te stuur indien die eerste een verlore geraak het.

## 5.7 Persoonlike onderhoude

Persoonlike onderhoude word met kurrikulumkundiges en professionele onderwysleiers gevoer om te be= paal wat hulle menings is, oor die volgende:

- Die algemene take van die hoof in kurrikulumver= nuwing en -ontwikkeling en wat die spesifieke take gedurende inisiëring van kurrikulumvernuwing en evaluering van kurrikulumvernuwing is.
- Die opleiding van hoofde as kurrikulêre vernu= wingsagente, naamlik of die opleiding wat die hoofde tans ontvang voldoende is en wat die beste wyse vir die opleiding van hoofde, na hulle mening, sal wees.

Die inligting wat deur die onderhoude ingewin is, sal gebruik word om te bepaal wat die take van die hoof is en watter van die take as die noodsaaklikste be= skou word gedurende kurrikulumvernuwing, om sodoende moontlike riglyne vir die opleiding van die hoof vir sy taak as kurrikulumvernuwingsagent daar te stel.

Die inligting wat verkry is oor die opleiding van die hoof, sal gebruik word om te bepaal op watter wyse die

hoof doeltreffend vir sy taak as kurrikulumvernuwings=agent opgelei kan word.

5.8 Motivering vir die komponente van die vraelys (vgl. Bylaag F)

Die vraelys wat aan die hoofde van sekondêre skole ge=stuur sal word, bestaan uit twee komponente naamlik:

5.8.1 Demografiese inligting (Afdeling A - vraag 1-7)

Daar word gepoog om die volgende inligting in verband met alle sekondêre blanke skole, asook die hoofde van hierdie skole in Transvaal in te win, naamlik:

- Die graad van die skool (vraag 1).
- Die taalmedium van onderrig wat in elke skool plaasvind (vraag 2).
- Die gebied waarin die skool geleë is (vraag 3).
- Die getal jare wat die hoof die pos as hoof van 'n sekondêre skool beklee (vraag 4).
- Die hoogste akademiese kwalifikasies waaroor die hoof beskik - B.Ed., M.Ed. en D.Ed. uitgesluit (vraag 5).
- Die hoogste akademiese kwalifikasies in opvoed=kunde waaroor die hoof beskik (vraag 6).
- Die professionele kwalifikasies waaroor die hoof beskik (vraag 7).

Die inligting wat verkry word uit elkeen van hierdie vrae sal in verband gebring word met die inligting wat verkry word uit die vrae wat in afdeling B ge=stel is, en wat handel oor die take en die opleiding van die hoof in kurrikulumvernuwing, om sodoende te bepaal of daar bepaalde ooreenkomste en tendense tussen die inligting wat verkry is, bestaan.

5.8.2 Die take en die opleiding van die hoof in kurriku=lumvernuwing (Afdeling B - vraag 8-22)

Die inligting wat onder hierdie afdeling ingewin word, sal gebruik word om die menings van die hoofde van die sekondêre skole te peil wat die volgende be=tref:

i) Wat die aandeel van die hoof in kurrikulumvernuwing is.

ii) Van watter belang die hoof se aandeel in die inisiëring en implementering van kurrikulumvernuwing is.

iii) Op watter wyse die hoof sy taak in kurrikulumvernuwing die doeltreffendste kan uitvoer.

iv) Hoe die hoof die doeltreffendste vir sy taak in kurrikulumvernuwing opgelei kan word.

Hierdie inligting wat so ingewin is, sal dan weergegee en geïnterpreteer word en afleidings sal daaruit gemaak word. Daarna sal die inligting gebruik word om aanbevelings te maak vir die wyse waarop hoofde as kurrikulumvernuwingsagente opgelei behoort te word en watter leerinhoude in die kurrikulum vir die hoofde se opleiding ingesluit behoort te word.

Daar word gepoog om die volgende inligting deur die vrae wat gestel is in te win, naamlik:

- Wat die aandeel van die hoof is in kurrikulumvernuwing (vraag 8). Deur hierdie vraag aan die hoofde te stel, kan bepaal word wat die taak van die hoof, volgens hulle mening in kurrikulumvernuwing, is.
- Die hoofde se mening oor die belang van die hoof se aandeel daarin dat hy self bewus word van die noodsaak tot kurrikulumvernuwing en dat hy self die noodsaak van kurrikulumvernuwing identifiseer vir die inisiëring van kurrikulumvernuwing, word gepeil (vraag 9). Uit die inligting wat deur hierdie vraag ingewin word, sal daar bepaal word of die inisiëring van kurrikulumvernuwing deur die hoof self, as van groot belang beskou word al dan nie.
- In die volgende vraag (vraag 10) word daar gepoog om te bepaal in watter mate die hoofde die verskillende take van die hoof in kurrikulumvernuwing as belangrik beskou wanneer die

kurrikulumvernuwing deur die onderwysdepartement geïnisieer word. Uit die inligting wat uit hierdie vraag bekom is, kan daar bepaal word watter take van die hoof in kurrikulumvernuwing deur die hoofde as belangrik beskou word, om sodoende aandag aan die besondere take te gee wanneer 'n kurrikulum vir die opleiding van die hoof in kurrikulumvernuwing saamgestel word.

- Deur middel van vraag 11 sal bepaal word wat as die effektiefste metode beskou word om hoofde bewus te maak van kurrikulumvernuwing. Verder word daar ook bepaal watter wyse hoofde as die belangrikste beskou om die kurrikulumvernuwing waarvan daar bewus geword is, te identifiseer (vraag 12). Uit die inligting wat deur hierdie vrae bekom word, sal daar bepaal kan word watter metodes in die praktyk as die effektiefste bewys is.
- Daar word verder bepaal op watter wyse die hoof homself op 'n doeltreffende wyse in die geleent= heid behoort te stel om die noodsaak tot kurri= kulumvernuwing raak te sien. Inligting wat hier ingewin word, kan gebruik word om aanbevelings te maak oor die wyse waarop die opleiding van die hoof moet plaasvind (vraag 13).
- Die doeltreffendheid van die verskillende wyses wat deur die hoof gebruik kan word om seker te maak dat hy die kurrikulumvernuwing wat geïmple= menteer moet word, ten volle begryp (vraag 14) en om 'n gunstige klimaat vir die implementering van kurrikulumvernuwing te skep (vraag 15), word hier bepaal, om sodoende te kan bepaal wat die doeltreffendheid van die verskillende meto= des in dié verband in die praktyk is.
- Verder word daar bepaal tot watter mate daar doeltreffende kommunikasie gedurende die imple= mentering van kurrikulumvernuwing tussen die be= trokke persone bestaan (vraag 16) en watter wyse die doeltreffendste deur die hoof toegepas kan

word om kommunikasie tydens die implementering van kurrikulumvernuwing te inisieer en/of te bewerkstellig (vraag 17). Hierdie inligting word gevra om sodoende te bepaal of daar 'n leemte in die kommunikasie gedurende kurriku= lumvernuwing bestaan en op watter wyse doel= treffende kommunikasie geskep kan word.

- Die belang van die hoof se aandeel in die be= planning (vraag 18), die organisasie (vraag 19) en die evaluering van die nuwe kurrikulum (vraag 21) tydens kurrikulumvernuwing, word hier bepaal. Uit die inligting wat deur hier= die vrae verkry word, kan bepaal word of die hoofde hulle taak in dié verband as belangrik beskou.
- Die doeltreffendste wyse waarop die hoof beheer oor die implementering van kurrikulumvernuwing kan uitoefen (vraag 20) asook die doeltreffend= ste wyse waarop die hoof vir sy taak as kurri= kulumvernuwingsagent opgelei kan word (vraag 22), word verder bepaal, om sodoende riglyne vir 'n aanbeveling vir die opleiding van hoofde as kur= rikulumvernuwingsagente te kan bekom en aan te beveel wat as die doeltreffendste wyse vir die beheer oor kurrikulumvernuwing beskou word.

Die vrae in die vraelys (vgl. Bylaag F) is aan hoofde van sekondêre skole gestel met die doel om hulle menings oor die take en die opleiding van die hoof in kurrikulumvernuwing in te win, om sodoende ant= woorde te vind op die probleemstellings wat in hoofstuk 1 gevra is. Die vraelys aan die hoofde handel slegs oor die take en die opleiding van die hoof. Die ander probleemvrae sal beantwoord word uit die literatuurstudie wat in die verband onder= neem is.

## 5.9 Weergawe en interpretasie van data

Gedurende die empiriese ondersoek wat tydens hierdie

studie gedoen is, is die volgende data versamel, naamlik:

5.9.1 <u>Data versamel tydens onderhoude met kurrikulumkun= diges en professionele onderwysleiers</u>

Uit die gesprekke met kurrikulumkundiges en profes= sionele onderwysleiers tydens persoonlike onder= houde, het die volgende menings na vore gekom (vgl. Bylaag G).

Al die betrokke persone was dit eens dat die hoof van die sekondêre skool 'n besliste taak in kurri= kulumvernuwing het (vraag 1). Die hoof bevind hom in 'n ideale posisie om kurrikulumvernuwing te ini= sieer en die implementering van kurrikulumvernuwing in die skool ten uitvoer te bring, omdat hy direkte toegang tot die onderwysers en die leerlinge in die klaskamer het. Die hoof bevind hom in 'n ideale posisie om te kan optree as agent tussen die kurri= kulumkundiges aan die een kant en die onderwyser wat die implementering van kurrikulumvernuwing prakties moet uitvoer, aan die ander kant. Die hoof is ver= der daarvoor verantwoordelik om toe te sien dat die kurrikulum korrek geïnterpreteer en geïmplementeer moet word en hy moet as professionele leier in die skool, leiding in die verband aan die personeel gee, die personeel motiveer vir kurrikulumvernuwing en probleme wat daar mag ontstaan onder die aandag van die onderwysdepartement bring.

Daar is ook verder daarvan melding gemaak dat daar verskeie metodes bestaan wat deur die hoof aange= wend kan word om bewus te kan word van die noodsaak vir kurrikulumvernuwing (vraag 2).

Swak toets- of eksamenuitslae oor 'n sekere deel van die vakkurrikulum of die vakkurrikulum as 'n ge= heel kan soms die direkte gevolg wees van 'n probleem wat in die vakkurrikulum self gesetel is. Nadat alle moontlike oorsake vir die swak prestasie van die leerlinge, byvoorbeeld die onderrigmetodes en die

onderwyser-kindverhouding, ondersoek is en die hoof en onderwysers oortuig is daarvan dat die fout nie by die bogenoemde lê nie, moet die kurrikulum ondersoek word. Dit kan wees dat die kurrikulum=inhoud te moeilik is vir die leerlinge of dat die kurrikuluminhoud nie meer as ter sake beskou word nie en daarom nie meer die belangstelling van die leerlinge genoegsaam prikkel nie. Sommige vakke kan om hierdie redes nie deur die leerlinge in hulle vakkeuse ingesluit word nie.

Leerlinge wat die skool verlaat, kan ook vind dat hulle nie in die arbeidsmark opgeneem word nie en ook nie vir verdere studie in aanmerking geneem word nie.

In hierdie gevalle sal die hoof daarvan bewus word dat daar wel 'n leemte in die kurrikulum bestaan.

Van die persone wat ondervra is, was van mening dat hoofde nie altyd sensitief genoeg is vir kur=rikulumvernuwing nie. Hiermee word daar bedoel dat die hoofde alle foute wat in die onderrig-leer=situasie mag ontstaan, in dissipline en gesag, laksheid van die leerlinge of onbekwaamheid van die onderwyser soek en nie ondersoek na die geldigheid van die kurrikulum instel nie.

Daar is verder ook daarvan melding gemaak dat die hoof nie altyd bewus is van sy taak ten opsigte van die kurrikulum nie. Die hoof se tyd en aandag word in so 'n groot mate deur die ouers, leerlinge, personeel en ander sake in die skool, in beslag ge=neem dat hy baiekeer nie nog aandag aan die kurri=kulum en kurrikulumvernuwing kan gee nie; en om dié rede sake rakende die kurrikulum as van minder be=lang beskou.

Omdat die hoof nie ingestel is om aandag aan die kurrikulum te gee nie sien hy om hierdie rede dan ook nie kurrikulumvernuwingsmoontlikhede raak nie. Moontlik word die kurrikulum reeds te lank deur

hoof en vakonderwyser gepersipieer as 'n saak wat buite sy/haar kompetensieveld val.

Op die vraag of die hoof self kurrikulumvernuwing kan inisieer (vraag 3), is die volgende menings ge= lug:

Die onderwyser is soms huiwerig om probleme in ver= band met die kurrikulum met die Superintendent van Onderwys Akademies te bespreek omdat hy bevrees is dat dit hom in 'n swak lig kon stel deurdat die superintendent mag dink dat hy (hoof) nie sy vak ken nie.

Die onderwyser is geneig om probleme rakende die kurrikulum makliker met die departementshoof en die hoof te bespreek, afhangende van die klimaat wat daar in die skool bestaan. Wanneer die hoof van hierdie geleenthede gebruikmaak om die onderwyser en departementshoof te help deur leiding aan hulle te gee en ook die oorsaak van probleme wat in die kurrikulum mag bestaan, ondersoek, kan die hoof so= doende kurrikulumvernuwing inisieer.

Die hoof kan ook nadat hy bewus geword het van die noodsaak tot kurrikulumvernuwing in gesprek tree met ander skoolhoofde, die Superintendent Akademies, studiekomitees en vakbelangegroepe van die onderwys= verenigings en sodoende kurrikulumvernuwing inisieer, deur die probleem wat daar mag bestaan in die kurri= kulum op die wyse onder die aandag van die onderwys= departement te bring.

Klimaatskepping vir kurrikulumvernuwing (vraag 4) is deur die persone waarmee daar onderhoude gevoer is as een van die belangrikste take van die hoof ge= durende die implementering van kurrikulumvernuwing beskou.

Daar bestaan 'n mate van onwilligheid by die onder= wysers om kurrikulumvernuwing in die onderwys in te voer. Hierdie onwilligheid kan veroorsaak word deur die volgende:

- Die werkskemas wat met groot sorg deur die onderwyser uitgewerk is, kan nie meer gebruik word nie en daar moet weer nuwe skemas vir die nuwe vakkurrikulum uitgewerk word.
- Die onderwyshulpmiddels (-media) wat deur die onderwyser gemaak en beproef is, kan nie meer gebruik word nie en die onderwyser is genood= saak om ander hulpmiddels te maak wat in die nuwe kurrikulum gebruik kan word.
- Die moontlike vrae en antwoorde vir toetse en eksamens wat die onderwyser met groot sorg ge= formuleer het, het in onbruik verval en die onderwyser sal weer nuwe vrae en antwoorde wat op die nuwe kurrikulum van toepassing is, moet uitwerk.
- Die mate van onsekerheid wat daar by die onder= wyser ontstaan omdat hy nie presies weet wat van hom verwag word nie.
- Die nuwe leerinhoud is vir die onderwyser vreemd en dit vereis dus meer voorbereidingstyd van hom.
- Die feit dat die onderwyser soms van nuwe onder= wysmetodes wat vir hom vreemd is, gebruik moet maak.

Om die kurrikulumvernuwing suksesvol te kan imple= menteer, is die samewerking van die onderwyser van kardinale belang.

Dit word as die plig van die hoof beskou om so 'n klimaat in die skool te skep dat die onderwysers nie net gewillig sal wees om die beginsel en pro= sedure van kurrikulumvernuwing te aanvaar en imple= menteer nie, maar dit ook met entoesiasme en ywer na die beste van hulle vermoë sal aanpak en deur= voer.

Wanneer die hoof 'n positiewe houding teenoor die implementering van die kurrikulumvernuwing inneem en sy personeel motiveer en hulle so ver moontlik met raad en daad bystaan, kan hierdie positiewe gesindheid deurwerk, selfs na die leerlinge en

ouers. Hierdie aanvaarding kan uiteindelik baie meer effektiewe onderrig tot gevolg hê.

Die mening van die kurrikulumkundiges en profes= sionele onderwysleiers was dat die klimaat wat daar in die skool heers ook die mate van horisontale en vertikale kommunikasie kan beïnvloed (vraag 5).

Die mening is gelug dat hoofde baiekeer daartoe ge= neig is om die vertikale kommunikasiekanaal tydens kurrikulumvernuwing in 'n eenrigting kanaal na onder te verander. Die belangrikheid van kommunikasie in albei rigtings, dit wil sê van onder na bo en van bo na onder, is deur al die persone waarmee daar onderhoude gevoer is, as baie belangrik beskou.

Dit word as die taak van die hoof beskou om die kom= munikasiekanale wat daar bestaan, oop te hou en die kommunikasie tussen die verskillende betrokkenes aan te moedig. Daar is ook verder gesê dat daar gepoog moet word om 'n groter vrymoedigheid en openheid tussen die betrokke persone aan te moedig om kurri= kulumvernuwing te bespreek.

Dit is die mening van die kurrikulumkundiges en professionele onderwysleiers dat die hoof hom in die eerste plek self op die hoogte moet stel van wat die kurrikulumvernuwing behels voordat dit ge= implementeer word (vraag 6).

Indien die hoof 'n kenner van die betrokke vak waar= in die vernuwing gaan plaasvind, is, kan hy homself op die hoogte bring deur al die nodige dokumente wat van die onderwysdepartement ontvang is, grondig te bestudeer.

Indien die hoof nie 'n kenner van die betrokke vak is nie, sal die hoof die departementshoof en onder= wysers wat die betrokke vak onderrig, moet versoek om 'n grondige studie van die nuwe kurrikulum te maak en daarna aan hom terug te rapporteer.

Nadat die hoof homself vergewis het van wat die ver= nuwing alles behels, sal hy saam met die betrokke

departementshoof en onderwysers moet beplan en organiseer vir die kurrikulumvernuwing. Daar sal ook antwoorde op vrae soos die volgende gevind moet word, naamlik:

- Wat word met die kurrikulumvernuwing beoog?
- Watter eise gaan die implementering van die kurrikulumvernuwing aan die onderwysers, leer=linge en ouers stel?
- Is die onderwysers op die hoogte van wat daar van hulle verwag word?
- Beskik die onderwysers oor die nodige kennis en vaardighede om die kurrikulumvernuwing te imple=menteer?
- Sal dit nodig wees om indiensopleidingskursusse te reël of by te woon?
- Sal daar enige roosterveranderinge of verande=ringe in die getal periodes aangebring moet word?
- Sal daar bykomende fasiliteite of ruimte, by=voorbeeld laboratoria, benodig word?
- Moet die Superintendent Akademies of lede van die studiekomitee gevra word om die vernuwing verder toe te lig?

Die hoof moet verder toesien dat elke onderwyser wat betrokke is by die kurrikulumvernuwing presies weet wat daar van hom verwag gaan word tydens die implementering van die kurrikulumvernuwing. Dit is ook belangrik om die leerlinge en die ouers vooraf in te lig oor die kurrikulumvernuwing wat geïmple=menteer gaan word en dat daar moontlik van die ouer verwag gaan word om sekere items wat deur sy kind benodig gaan word, aan te koop.

Wanneer die nuwe kurrikulum geïmplementeer word, is dit die taak van die hoof om beheer uit te oefen oor die kurrikulumvernuwing of om sy gesag na die adjunk-hoof of departementshoof te delegeer. Die hoof bly egter altyd finaal verantwoordelik vir die kurrikulumvernuwing wat in sy skool geïmplementeer word.

Die hoof as eerste aanspreeklike oor die gehalte van onderrig wat daar in sy skool plaasvind, het 'n taak in die evaluering van die nuwe kurrikulum (vraag 7). Die persone waarmee daar onderhoude ge= voer is, was van mening dat die hoof soos volg te werk behoort te gaan om die nuwe kurrikulum te evalueer:

Wanneer die implementering van kurrikulumvernuwing 'n aanvang neem, kan die hoof 'n prognose maak oor die stand van die betrokke vak in sy skool teenoor die res van Transvaal. Dit kan gedoen word deur die gemiddelde wat die kandidate in die skool behaal het in die senior sertifikaateksamen te vergelyk met die gemiddelde wat deur die kandidate in Transvaal behaal is. Op hierdie wyse kan die hoof die ver= moëns van die leerlinge en die onderwyser bepaal of peil en sodoende sekere probleemareas waaraan daar aandag gegee sal moet word, identifiseer.

Onderrig en die evaluering van die kurrikulum is baie nou aanmekaar verwant en onderrig en kurrikulum moet dus nie met mekaar verwar word nie. Die hoof kan van proses- of formatiewe en produk- of summa= tiewe evaluering gebruik maak om die nuwe kurrikulum te evalueer.

Formatiewe evaluering kan gedoen word deur met die onderwysers en departementshoof in gesprek te bly oor die kurrikulumvernuwing deur klasbesoeke, vak= vergaderings asook deur die skrifte en toetspunte van die leerlinge deeglik te bestudeer. Sodoende kan bepaal word of daar volgens die beplanning ge= vorder word en of die leerlinge die nuwe vakinhoude bemeester.

Summatiewe evaluering kan deur die hoof geïnisieer word deur na die verloop van 'n bepaalde tyd te ver= soek dat die onderwysers 'n groot toets, dit wil sê 'n toets wat oor 'n groot deel van die werk handel, aan die leerlinge oor die reeds afgehandelde werk

sal stel. Die punte wat deur die leerlinge in hierdie toets behaal word, kan dan gebruik word om sekere projeksies te maak om sodoende af te lei of die leerlinge die werk beheer, die onderwysers op die voorgeskrewe pad is en of daar moontlike leem= tes in die nuwe kurrikulum bestaan.

Die evalueringsresultate en gevolgtrekkings wat daaruit gemaak word, behoort in 'n bruikbare vorm aan die onderwysdepartement gestuur te word om so= doende deur die terugvoering oor die implementering van die kurrikulumvernuwing monitering daarvan deur die onderwysdepartement moontlik te kan maak.

Volgens die kurrikulumkundiges en professionele onderwysleiers begin die opleiding van die hoof in kurrikulumvernuwing reeds gedurende sy voorgraadse studies aan 'n universiteit of onderwys opleidings= kollege (vraag 8). Daar behoort gedurende hierdie tydperk reeds voorsiening gemaak te word vir kur= susse in kurrikulumkunde asook onderwysvernuwing. Die student moet dus reeds gedurende sy studiejare daarvan bewus gemaak word dat die vak wat hy gaan onderrig van tyd tot tyd aan vernuwing onderwerp sal word.

Gedurende die tydperk waartydens die hoof as onder= wyser onderrig gegee het, was die hoof betrokke by kurrikulumvernuwing wat plaasgevind het in die vak wat hy onderrig het. Die hoof het gedurende hier= die tydperk reeds ondervinding opgedoen in die eise wat daar gestel word wanneer kurrikulumvernuwing ge= implementeer word.

Die persone met wie daar onderhoude gevoer is, is van mening dat hoofde op die volgende wyse vir die doel opgelei kan word, naamlik:

. Deur verdere studie aan universiteite in kurri= kulumkunde, byvoorbeeld die B.Ed.-kursus.
. Dat universiteite, die buro's vir kurrikulering en evaluering asook die RGN, 'n indiensopleidings=

kursus vir die opleiding van aspiranthoofde en hoofde moet saamstel.

- Deur verdere studie aan die OKVO.
- Deur hoofde as lede van studiekomitees aan te stel.
- Deur 'n komponent wat handel oor kurrikulumvernuwing en onderwysvernuwing by die kursus vir nuutaangestelde hoofde in te sluit om sodoende hoofde van hulle taak in kurrikulumvernuwing bewus te maak. Die hoof moet sodoende bewusgemaak word van sy taak ter inisiëring en implementering van kurrikulumvernuwing.

Die volgende aanbevelings (vraag 9) wat daartoe kan bydra dat die inisiëring en emplementering van kurrikulumvernuwing nog doeltreffender sal plaasvind, is deur die persone waarmee daar onderhoude gevoer is, voorgestel, naamlik:

- Hoofde moet meer bewus gemaak word van hulle taak in kurrikulumvernuwing. Dit kan gedoen word deur indiensopleidingskursusse maar veral deur hoofde as lede van studiekomitees aan te stel.
- Kommunikasie tussen die verskillende strukture en persone wat by kurrikulumvernuwing betrokke is, moet verbeter word.
- Klimaatskepping vir kurrikulumvernuwing moet baie meer aandag van die hoofde van skole geniet.
- Die rooster van die rotasiestelsel vir kurrikulumvernuwing van die KOH moet aan hoofde beskikbaar gestel word sodat hy die onderwysers lank voor die tyd reeds kan voorberei vir die kurrikulumvernuwing wat gaan plaasvind. Dit sal die onderwyser, departementshoof en hoof dan ook beter in staat stel om 'n mees konstruktiewe bydrae in kurrikulumvernuwing te kan lewer.
- Die vakkurrikulums moet in die vorm van modulêre eenhede opgestel word en wanneer daar

kurrikulumvernuwing plaasvind, moet slegs een of twee van die modules verander word so= dat radikale veranderinge wat ontwrigting en onsekerheid by die onderwysers kan veroorsaak, so ver moontlik voorkom kan word.

### 5.9.2 Data verkry uit vraelyste

#### 5.9.2.1 Oriënterend

Die rekenaarprogram wat gebruik is vir die ver= werking van die statistieke is verkry uit: "S.A.S. User's Guide: Basics : 1982 Edition".

Die demografiese inligting wat in afdeling A van die vraelys (vgl. bylaag F) bekom is, word in ver= gelyking gebring met die inligting wat bekom is uit die vrae wat in afdeling B van die vraelys gestel is, om sodoende te bepaal of daar bepaalde ooreenkomste en tendense tussen dié inligting bestaan.

Die volgende begrippe sal deurgaans gebruik word:
Kategorie: Dit dui op die wesentlike beskrywing van 'n taak wat die hoof in kurrikulumvernuwing te vervul het, of die wyse waarop die hoof opge= lei kan word.
Klas: Dit dui op die gegewens, uitgedruk as 'n persentasie, wanneer al die respondente verdeel word volgens 'n bepaalde demografiese komponent, byvoorbeeld: Die graad van die skool, waar res= pondente van GS, S.I en S.II skole se menings afsonderlik as strata gegee word.
Strata: Dit dui op die gegewens wat weergegee is in een van die onderafdelings van 'n klas by= voorbeeld die gegewens van respondente van GS-skole.
Frekwensie ($f$): Dui op die getal respondente in 'n bepaalde stratum byvoorbeeld GS: $f$=61, S.I : $f$=85 en S.II: $f$=32 (vgl. tabel 5.2).

Vir die doel van hierdie navorsing sal 'n verskil

van 5%* en meer tussen die menings van die respon= dente as 'n beduidende verskil beskou word. Ver= skille van minder as 5% sal as onbeduidend beskou word.

Verder sal daar vir die doel van hierdie studie die response van respondente met 'n frekwensie van twintig en minder as twintig as onbeduidend aan= vaar word*. Hierdie besluit is geneem weens die feit dat waar die getal of frekwensie respondente baie klein is, byvoorbeeld die hoofde met D-grade ($f=2$) en die hoofde met D.Ed-grade ($f=4$) (vgl. tabel 5.2), 'n beduidende verskil van 50% of 25% deur slegs een respondent se mening veroorsaak word.

Alhoewel daar 185 vraelyste van respondente terug= ontvang is, wissel die totale getal respondente in verskillende klasse omdat al die respondente nie antwoorde op al die vrae verskaf het nie (vgl. tabel 5.2 klas 1: Graad van skool; totale frekwen= sie = 178).

In tabel 5.2 word die graad van die skool, die medium van onderrig in die skool, waar die skool geleë is, die ondervinding van die hoof, die aka= demiese kwalifikasies van die hoof, die opvoed= kundige kwalifikasies van die hoof en die profes= sionele kwalifikasies van die hoof, as onafhank= like veranderlikes gebruik terwyl die verskillende kategorieë as afhanklike veranderlikes gebruik word.

5.9.2.2 Die aandeel van die hoof in kurrikulumvernuwing (vgl. vraag 8, Bylaag F)

In tabel 5.2 word die response van respondente vol= gens demografiese klasse, bv graad van skool, oor die aandeel van die hoof in kurrikulumvernuwing weergegee.

---

* Uitgeklaar by die Statistiese Konsultasiediens van die PU vir CHO - Prof. H S Steyn

TABEL 5.2 VRAAG 8 DIE AANDEEL VAN DIE HOOF IN KURRIKULUMVERNUWING (VRAAG 8 BYLAAG F)

| KLAS | 1 | | | 2 | | | 3 | | | 4 | | | | 5 | | | | 6 | | | | 7 | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | GRAAD VAN SKOOL | | | MEDIUM VAN ONDERRIG | | | WAAR SKOOL GELEë IS | | | ONDERVINDING VAN DIE HOOF | | | | AKADEMIESE KWALIFIKASIES VAN DIE HOOF | | | | OPVOEDKUNDIGE KWALIFIKASIES VAN DIE HOOF | | | | PROFESSIONELE KWALIFIKASIES VAN DIE HOOF | | | |
| | GS | S.I | S.II | AFR | ENG | AFR/ ENG | STE-DE-LIK | SEMI STE-DE-LIK | PLAT TE-LAND | 1-5 JAAR | 6-10 JAAR | 11-15 JAAR | MEER AS 15 JAAR | B-GR | HONS | M-GR | D-GR | B.Ed | M.Ed | D.Ed | GEEN | 1 JAAR | 4 JAAR | 3 JAAR | + VDO |
| Getal respon= dente *f* | 61 | 85 | 32 | 115 | 45 | 18 | 96 | 37 | 44 | 104 | 45 | 18 | 9 | 129 | 31 | 13 | 2 | 68 | 14 | 4 | 81 | 126 | 26 | 15 | 9 |
| Beherende | 26,2 | 17,7 | 28,1 | 27,0 | 8,9 | 27,8 | 16,7 | 35,1 | 25,0 | 21,2 | 20,0 | 27,8 | 44,5 | 20,9 | 25,8 | 38,4 | 0,0 | 16,2 | 50,0 | 50,0 | 22,2 | 23,8 | 26,9 | 6,7 | 22,2 |
| Uitvoerende | 36,1 | 31,8 | 31,3 | 22,6 | 57,8 | 38,9 | 39,6 | 27,1 | 22,7 | 35,6 | 35,6 | 27,8 | 11,1 | 38,0 | 19,4 | 15,4 | 50,0 | 35,3 | 28,6 | 0,0 | 33,3 | 29,4 | 38,5 | 60,0 | 22,2 |
| Beide | 24,6 | 32,9 | 28,1 | 31,3 | 22,2 | 33,3 | 30,2 | 18,9 | 36,4 | 27,8 | 35,6 | 22,1 | 22,2 | 27,9 | 38,7 | 15,4 | 50,0 | 33,8 | 14,3 | 25,0 | 28,4 | 29,4 | 23,1 | 26,6 | 44,4 |
| Nie een van bo= genoemde | 11,5 | 12,9 | 12,5 | 15,7 | 8,9 | 0,0 | 10,4 | 16,2 | 13,6 | 12,5 | 6,6 | 16,7 | 22,2 | 10,9 | 12,9 | 23,1 | 0,0 | 13,2 | 7,1 | 25,0 | 12,4 | 14,3 | 7,7 | 6,7 | 11,2 |
| Ander | 1,6 | 4,7 | 0,0 | 3,4 | 2,2 | 0,0 | 3,1 | 2,7 | 2,3 | 2,9 | 2,2 | 5,6 | 0,0 | 2,3 | 3,2 | 7,7 | 0,0 | 1,5 | 0,0 | 0,0 | 3,7 | 3,1 | 3,8 | 0,0 | 0,0 |
| Totaal | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 | 100 |

In klas 1 van tabel 5.2 word die menings van re= spondente van GS, S.I en S.II skole oor die aandeel van die hoof in kurrikulumvernuwing weergegee.

Hieruit word afgelei dat:

- Die meerderheid respondente uit GS-skole (36,1%, d.w.s. 22/61), die aandeel van die hoof in kur= rikulumvernuwing as uitvoerend beskou;
- Daar nie 'n beduidende verskil tussen die per= sentasie respondente van S.I-skole wat die hoof se aandeel as uitvoerend (31,8%, d.w.s. 27/85) en beide uitvoerend en beherend (32,9%, d.w.s. 28/85) beskou, bestaan nie;
- Daar nie 'n beduidende verskil tussen die per= sentasie respondente van S.II-skole wat die aandeel van die hoof as beherend (28,1%, d.w.s. 9/32) en uitvoerend (31,3%, d.w.s. 10/32) asook beide beherend en uitvoerend (28,1%, d.w.s. 9/ 32) beskou, bestaan nie.

In klas 2 van tabel 5.2 word die menings van die respondente van Afrikaans-, Engels- en dubbelmedium skole oor die aandeel van die hoof in kurrikulum= vernuwing weergegee.

Hieruit word afgelei dat:

- Daar nie 'n beduidende verskil tussen die per= sentasie respondente van Afrikaansmedium skole wat die aandeel van die hoof as beherend (27,0%, d.w.s. 31/115) en beide beherend en uitvoerend (31,3%, d.w.s. 36/115) beskou, bestaan nie;
- Die meeste respondente van Engelsmedium skole (57,8%, d.w.s. 26/45) en dubbelmedium skole (38,9%, d.w.s. 7/18) die aandeel van die hoof in kurrikulumvernuwing as uitvoerend beskou.

In klas 3 van tabel 5.2 word die menings van re= spondente van stedelike, semistedelike en platte= landse skole oor die aandeel van die hoof in kur= rikulumvernuwing weergegee.

Hieruit word afgelei dat:

- Die meeste respondente van stedelike skole (39,6%, d.w.s. 38/96) die aandeel van die hoof as uitvoerend beskou;
- Die meeste respondente van semistedelike skole (35,1%, d.w.s. 13/37) die aandeel van die hoof as beherend beskou;
- Die meeste respondente van plattelandse skole (36,4%, d.w.s. 16/44) die hoof se aandeel as beide beherend en uitvoerend, beskou.

In klas 4 van tabel 5.2 word die menings van re= spondente volgens hulle ondervinding as hoofde van sekondêre skole oor die aandeel van die hoof in kurrikulumvernuwing weergegee.

Hieruit word afgelei dat:

- Die meeste respondente met 1-5 jaar ondervin= ding as hoof (35,6%, d.w.s. 37/104) die aan= deel van die hoof as uitvoerend beskou.
- Die respondente met 6-10 jaar ondervinding die hoof se aandeel as uitvoerend (35,6%, d.w.s. 16/45) en beide beherend en uitvoerend (35,6%, d.w.s. 16/45) beskou;
- Die respondente met 11-15 jaar ondervinding die hoof se aandeel as beherend (27,8%, d.w.s. 5/18) en uitvoerend (27,8%, d.w.s. 5/18) beskou;
- Die meeste respondente met meer as 15 jaar ondervinding (44,5%, d.w.s. 4/9) die aandeel van die hoof as beherend beskou.

In klas 5 van tabel 5.2 word die menings van re= spondente volgens die akademiese kwalifikasies van die hoof oor die aandeel van die hoof in kurrikulumvernuwing, weergegee.

Hieruit word afgelei dat:

- Die meeste respondente met B-grade (38%, d.w.s. 49/129) die aandeel van die hoof as uitvoerend beskou;
- Die meeste respondente met Honns.-grade (38,7%,

d.w.s. 12/31) die hoof se aandeel as beide beherend en uitvoerend beskou;

- Die meeste respondente met M-grade (38,4%, d.w.s. 5/13) die hoof se aandeel as beherend beskou;
- Respondente met D-grade die aandeel van die hoof as uitvoerend (50%, d.w.s. 1/2) beskou. As gevolg van die klein totale frekwensie (2) van respondente met D-grade kan dit egter enige van die twee moontlikhede wees.

In klas 6 van tabel 5.2 word die menings van die respondente volgens hulle opvoedkundige kwalifika= sies oor die aandeel van die hoof in kurrikulum= vernuwing weergegee.

Hieruit word afgelei dat:

- Daar nie 'n beduidende verskil tussen die per= sentasie respondente met B.Ed. wat die aandeel van die hoof as uitvoerend (35,3%, d.w.s. 24/ 68) en beide beherend en uitvoerend (33,8%, d.w.s. 23/68) beskou, bestaan nie.
- Die meeste respondente met M.Ed. (50%, d.w.s. 7/14) en D.Ed. (50%, d.w.s. 2/4) die aandeel van die hoof as beherend beskou;
- Die meeste respondente sonder verdere opvoed= kundige kwalifikasies (33,3%, d.w.s. 27/81) die aandeel van die hoof as uitvoerend beskou.

In klas 7 van tabel 5.2 word die menings van die respondente volgens hulle professionele kwalifi= kasies oor die aandeel van die hoof in kurriku= lumvernuwing weergegee.

Hieruit word afgelei dat:

- Die meeste respondente met 1 jaar professio= nele opleiding die aandeel van die hoof as uitvoerend (29,4%, d.w.s. 37/126) of beide beherend en uitvoerend (29,4%, d.w.s. 37/126) beskou;
- Die meeste respondente met 4 jaar (38,5%,

d.w.s. 10/26) en 3 jaar (60,0%, d.w.s. 9/15) professionele opleiding die aandeel van die hoof as uitvoerend beskou;

- Die meeste respondente met 'n VDO-diploma (44,4%, d.w.s. 4/9) die aandeel van die hoof as beide beherend en uitvoerend beskou.

Tabel 5.3 Die verdeling van alle respondente oor die aandeel van die hoof in kurrikulumvernuwing

| Respon= dente | Beherend | Uitvoe= rend | Beide | Nie een van vorige | Ander | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Getal respon= dente *f* | 40 | 59 | 52 | 22 | 5 | 178 |
| % | 22,5 | 33,2 | 29,1 | 12,4 | 2,8 | 100 |

Uit tabel 5.3 blyk dit dat daar nie 'n be= duidende verskil bestaan tussen die persen= tasie respondente wat die hoof se aandeel in kurrikulumvernuwing as uitvoerend (33,2%, d.w.s. 59/178) en beide beherend en uitvoerend (29,1%, d.w.s. 52/178) beskou nie.

Die aandeel van die hoof in kurrikulumvernuwing kan volgens die inligting wat van die respondente verkry is as uitvoerend of as beide uitvoerend en beherend beskou word.

Dit blyk dat die gevolgtrekking wat telkens by elke klas gemaak is, ooreenstem met die oorhoofse gevolgtrekking naamlik dat die meeste respon= dente die taak van die hoof in kurrikulumvernuwing as beide uitvoerend en beherend of as uitvoerend beskou.

Nadat alle kategorieë van vraag 9 tot 22 (vgl. Bylaag F) op dieselfde wyse as vraag 8 (vgl. p.119-124) bestudeer, interpreteer en beskryf is, is daar gevind dat dieselfde tendens, naamlik: dat daar nie 'n beduidende verskil bestaan tussen

die gevolgtrekkings wat uit die verskillende klas= se verkry is en die oorhoofse gevolgtrekking van elke kategorie nie.

Hieruit word afgelei dat ongeag van watter demo= grafiese verskille daar by skole mag bestaan ten opsigte van die graad van die skool, medium van onderrig en waar die skool geleë is, asook die verskille tussen hoofde wat betref ondervinding, akademiese, opvoedkundige en professionele kwali= fikasies, die meerderheid respondente dieselfde mening ten opsigte van die take en opleiding van die hoof openbaar. Hierdie demografiese verskille het dus geen noemenswaardige invloed op die taak en die opleiding van die hoof in kurrikulumvernu= wing nie.

As gevolg van bogenoemde bevindinge en weens die omvang wat die volledige beskrywing daarvan in tyd en ruimte sal beslaan, is daar besluit om die tabelle wat saamgestel is oor vraag 9 tot 22 (vgl. bylaag F en H) as bylaag H in te sluit en dit nie in besonderhede te beskryf nie. Die algemene in= ligting oor elke kategorie, nl. die response van alle respondente op 'n bepaalde vraag, sal telkens in tabelvorm weergegee, geïnterpreteer en gevolg= trekkings daaruit gemaak word.

5.9.2.3 Die belang van die hoof se aandeel in die inisi= ering van kurrikulumvernuwing (vgl. vraag 9, Bylaag F)

Die response van al die respondente, oor die be= lang van die hoof se aandeel in die inisiëring van kurrikulumvernuwing, word hier in tabelvorm weergegee en daarna word die gegewens in elke kategorie geïnterpreteer.

Tabel 5.4 Die belang van die hoof se aandeel in die inisiëring van kurrikulumvernuwing

| Kate= gorie | Respon= dente | Van groot belang | Van belang | Van min= der be= lang | Van geen belang | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 9A | Getal respon= dente *f* | 86 | 75 | 13 | 6 | 180 |
| | % | 47,8 | 41,7 | 7,2 | 3,3 | 100 |
| 9B | Getal respon= dente *f* | 50 | 89 | 32 | 6 | 177 |
| | % | 28,2 | 50,3 | 18,1 | 3,4 | 100 |

In tabel 5.4 word die menings van respondente oor die belang van die hoof se aandeel in die volgende vir die inisiëring van kurrikulumver= nuwing weergegee, naamlik:

Kategorie 9A: Dat die hoof self bewus word van die noodsaak tot kurrikulumvernuwing.

Uit kategorie 9A van tabel 5.4 word afgelei dat die meeste respondente (47,8%, d.w.s. 86/180), van mening is dat dit van groot belang vir die hoof is om self bewus te word van die noodsaak tot kurrikulumvernuwing vir die inisiëring daarvan.

Kategorie 9B: Dat die hoof self die noodsaaklik= heid van kurrikulumvernuwing identifiseer.

Uit kategorie 9B van tabel 5.4 word afgelei dat die meeste respondente (50,3%, d.w.s. 89/177) van mening is dat dit van belang vir die hoof is om self die noodsaak tot kurrikulumvernuwing te identifiseer vir die inisiëring daarvan.

Uit tabel 5.4 word afgelei dat die aandeel van die hoof in kategorie 9A (dat die hoof self bewus word van die noodsaak tot kurrikulumvernuwing) as van groot belang en in kategorie 9B (dat die hoof self die noodsaak tot kurrikulumvernuwing iden= tifiseer) as van belang beskou word vir die inisiëring van kurrikulumvernuwing.

5.9.2.4 Die belang van die hoof se aandeel in die imple= mentering van kurrikulumvernuwing (vgl. vraag 10, Bylaag F)

Die response van al die respondente oor die belang van die hoof se aandeel in die implementering van kurrikulumvernuwing word hier in tabelvorm weerge= gee en daarna word die gegewens in kategorieë ge= interpreteer.

Tabel 5.5 Die belang van die hoof se aandeel in die implementering van kurrikulumver= nuwing

| Kate= gorie | Respon= dente | Van groot belang | Van belang | Van min= der be= lang | Van geen belang | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 10A | Getal respon= dente *f* | 62 | 75 | 39 | 7 | 183 |
| | % | 33,9 | 41,0 | 21,3 | 3,8 | 100 |
| 10B | Getal respon= dente *f* | 127 | 51 | 5 | 2 | 185 |
| | % | 68,7 | 27,6 | 2,7 | 1,0 | 100 |
| 10C | Getal respon= dente *f* | 124 | 53 | 6 | 2 | 185 |
| | % | 67,0 | 28,7 | 3,2 | 1,1 | 100 |
| 10D | Getal respon= dente *f* | 90 | 71 | 17 | 7 | 185 |
| | % | 48,7 | 38,3 | 9,2 | 3,8 | 100 |
| 10E | Getal respon= dente *f* | 65 | 80 | 34 | 4 | 183 |
| | % | 35,5 | 43,7 | 18,6 | 2,2 | 100 |
| 10F | Getal respon= dente *f* | 68 | 86 | 29 | 2 | 185 |
| | % | 36,8 | 46,5 | 15,7 | 1,0 | 100 |
| 10G | Getal respon= dente *f* | 57 | 92 | 31 | 4 | 184 |
| | % | 31,0 | 50,0 | 16,8 | 2,2 | 100 |

In tabel 5.5 word die gegewens van respondente oor die belang van die hoof se aandeel in die volgende vir die implementering van nuwe kurri= kulums wat van die onderwysdepartement ontvang word, weergegee, naamlik:

<u>Kategorie 10A</u>: Die bepaling van wat die ver= nuwing behels.

Uit kategorie 10A van tabel 5.5 word afgelei dat die meeste respondente (41%, d.w.s. 75/183), van mening is dat dit van belang is dat die hoof be= paal wat die vernuwing behels wanneer daar nuwe kurrikulums van die onderwysdepartement vir implementering ontvang word.

<u>Kategorie 10B</u>: Die skepping van 'n gunstige klimaat vir kurrikulumvernuwing.

Uit kategorie 10B van tabel 5.5 word afgelei dat die meeste respondente (68,7%, d.w.s. 127/185), die skepping van 'n gunstige klimaat vir kurri= kulumvernuwing as van groot belang vir die hoof beskou wanneer nuwe kurrikulums van die onder= wysdepartement vir die implementering daarvan, ontvang word.

<u>Kategorie 10C</u>: Die bevordering van doeltref= fende kommunikasie vir die kurrikulumvernuwing.

Uit kategorie 10C van tabel 5.5 word afgelei dat die meeste respondente (67,0%, d.w.s. 124/185), die bevordering van doeltreffende kommunikasie vir die kurrikulumvernuwing as van groot belang vir die hoof beskou wanneer nuwe kurrikulums van die onderwysdepartement vir implementering ont= vang word.

<u>Kategorie 10D</u>: Die beplanning vir die implemen= tering van kurrikulumvernuwing.

Uit kategorie 10D van tabel 5.5 word afgelei dat die meeste respondente (48,7%, d.w.s. 90/185), die beplanning vir die implementering van kurrikulum=

vernuwing deur die hoof as van groot belang beskou wanneer nuwe kurrikulums van die onderwysdeparte= ment vir die implementering daarvan, ontvang word.

<u>Kategorie 10E</u>: Die organisering vir die imple= mentering van kurrikulumvernuwing.

Uit kategorie 10E van tabel 5.5 word afgelei dat die meeste respondente (43,7%, d.w.s. 80/183), die organisering vir die implementering van kurriku= lumvernuwing as van belang vir die hoof beskou wanneer daar nuwe kurrikulums van die onderwys= departement vir implementering ontvang word.

<u>Kategorie 10F</u>: Die beheeruitoefening tydens die implementering van kurrikulumvernuwing.

Uit kategorie 10F van tabel 5.5 word afgelei dat die meeste respondente (46,5%, d.w.s. 86/185), die beheeruitoefening tydens die implementering van kurrikulumvernuwing as van belang vir die hoof be= skou wanneer nuwe kurrikulums vanaf die onderwys= departement ontvang word vir die implementering daarvan.

<u>Kategorie 10G</u>: Die evaluering van die nuwe kur= rikulum tydens en na die implementering daarvan.

Uit kategorie 10G van tabel 5.5 word afgelei dat die meeste respondente (50%, d.w.s. 92/184) die evaluering van die nuwe kurrikulum tydens en na die implementering daarvan as van belang vir die hoof beskou wanneer nuwe kurrikulums vanaf die onderwysdepartement vir implementering ontvang word.

5.9.2.5 <u>Die effektiefste metode vir die hoof om bewus te word van die noodsaak tot kurrikulumvernuwing (vgl. vraag 11, Bylaag F)</u>

Hier moes die respondente in orde van belangrik= heid, die effektiefste metode vir die hoof om be= wus te word van die noodsaak tot kurrikulumver= nuwing aantoon deur die vyf verskillende metodes

in 'n hierargiese volgorde van 1 tot 5 te plaas. Die response van al die respondente word in tabelvorm weergegee en daarna word die gegewens in elke kategorie geïnterpreteer.

Tabel 5.6 Die effektiefste metode vir die hoof om bewus te word van die noodsaak tot kurrikulumvernuwing

| Kategorie | Respon=dente | Hierargiese volgorde | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | |
| 11A Klasbesoek | *f* | 32 | 16 | 45 | 67 | 17 | 177 |
| | % | 18,1 | 9,0 | 25,4 | 37,9 | 9,6 | 100 |
| 11B Gesprekke met die onderwyser | *f* | 34 | 72 | 58 | 13 | 1 | 178 |
| | % | 19,1 | 40,5 | 32,6 | 7,3 | 0,5 | 100 |
| 11C Gesprekke met die leerlinge | *f* | 3 | 2 | 15 | 35 | 122 | 177 |
| | % | 1,7 | 1,1 | 8,5 | 19,8 | 68,9 | 100 |
| 11D Gesprekke met die departe=mentshoof | *f* | 62 | 75 | 39 | 7 | 0 | 183 |
| | % | 33,9 | 41,0 | 21,3 | 3,8 | 0,0 | 100 |
| 11E Gesprekke met die SAO | *f* | 32 | 24 | 34 | 54 | 34 | 178 |
| | % | 18,0 | 13,5 | 19,1 | 30,3 | 19,1 | 100 |

In tabel 5.6 word die gegewens van die respon=dente oor die effektiefste metode vir die hoof om bewus te word van die noodsaak tot kurriku=lumvernuwing weergegee, naamlik:

Kategorie 11A: Klasbesoek

Uit kategorie 11A van tabel 5.6 word afgelei dat klasbesoek deur die meeste respondente (37,9%, d.w.s. 67/177) as die vierde (4) effek=tiefste metode vir die hoof om bewus te word van die noodsaak tot kurrikulumvernuwing, beskou word.

Kategorie 11B: Gesprekke met die onderwyser.
Uit kategorie 11B van tabel 5.6 word afgelei dat gesprekke met die onderwyser deur die meeste respondente (40,5%, d.w.s. 72/178) as die tweede (2) effektiefste metode vir die hoof om bewus te

word van die noodsaak tot kurrikulumvernuwing, beskou word.

Kategorie 11C: Gesprekke met die leerlinge.
Uit kategorie 11C van tabel 5.6 word afgelei dat gesprekke met die leerlinge deur die meeste re= spondente (68,9%, d.w.s. 122/177) as die vyfde (5) effektiefste metode vir die hoof om bewus te word van die noodsaak tot kurrikulumvernuwing, beskou word.

Kategorie 11D: Gesprekke met die departements= hoof.
Uit kategorie 11D van tabel 5.6 word afgelei dat gesprekke met die departementshoof deur die meeste respondente (41%, d.w.s. 75/183) as die tweede (2) effektiefste metode vir die hoof om bewus te word van die noodsaak tot kurrikulumvernuwing, beskou word.

Kategorie 11E: Gesprekke met die SOA.
Uit kategorie 11E van tabel 5.6 word afgelei dat gesprekke met die SOA deur die meeste respondente (30,3%, d.w.s. 54/178) as die vierde (4) effek= tiefste metode vir die hoof om bewus te word van die noodsaak tot kurrikulumvernuwing beskou word.

5.9.2.6 Die effektiefste metode vir die hoof om die nood= saak tot kurrikulumvernuwing te identifiseer (vgl. vraag 12, Bylaag F)

Hier moes die respondente in orde van belangrik= heid, die effektiefste metode vir die hoof om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing te identifiseer, aantoon deur die vyf verskillende metodes in 'n hierargiese volgorde van 1 tot 5 te plaas.

Die response van al die respondente word in tabel= vorm weergegee en daarna word die gegewens vir elke kategorie geïnterpreteer.

Tabel 5.7 Die effektiefste metode vir die hoof om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing te identi= fiseer

| Kategorie | Respon= dente | Hierargiese volgorde | | | | | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| | | 1 | 2 | 3 | 4 | 5 | |
| 12A Klasbesoek | *f* | 36 | 15 | 53 | 56 | 21 | 181 |
| | % | 19,9 | 8,3 | 29,3 | 30,9 | 11,6 | 100 |
| 12B Gesprekke met die onderwyser | *f* | 37 | 74 | 54 | 14 | 3 | 182 |
| | % | 20,3 | 40,7 | 29,7 | 7,7 | 1,6 | 100 |
| 12C Gesprekke met die leerlinge | *f* | 6 | 9 | 16 | 50 | 99 | 180 |
| | % | 3,3 | 5,0 | 8,9 | 27,8 | 55,0 | 100 |
| 12D Gesprekke met die departe= mentshoof | *f* | 68 | 67 | 27 | 18 | 2 | 182 |
| | % | 37,4 | 36,8 | 14,8 | 9,9 | 1,1 | 100 |
| 12E Gesprekke met die SOA | *f* | 35 | 20 | 29 | 43 | 54 | 181 |
| | % | 19,3 | 11,1 | 16,0 | 23,8 | 29,8 | 100 |

In tabel 5.7 word die gegewens van die respon= dente oor die effektiefste metode vir die hoof om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing te iden= tifiseer weergegee, naamlik:

Kategorie 12A: Klasbesoek
uit kategorie 12A van tabel 5.7 word afgelei dat daar nie 'n beduidende verskil bestaan tussen die persentasie respondente wat klasbesoek as vierde (4) effektiefste (30,9%, d.w.s. 56/181) en derde (3) effektiefste (29,3%, d.w.s. 53/181) metode vir die hoof om die noodsaak tot kurrikulumver= nuwing te identifiseer, beskou nie.

Kategorie 12B: Gesprekke met die onderwyser
Uit kategorie 12B van tabel 5.7 word afgelei dat gesprekke met die onderwyser deur die meeste respondente (40,7%, d.w.s. 74/182) as tweede (2) effektiefste metode vir die hoof om die noodsaak

tot kurrikulumvernuwing te identifiseer, beskou word.

<u>Kategorie 12C</u>: Gesprekke met die leerlinge.
Uit kategorie 12C van tabel 5.7 word afgelei dat gesprekke met die leerlinge deur die meeste respon= dente (55,0%, d.w.s. 99/180) as vyfde (5) effek= tiefste metode vir die hoof om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing te identifiseer, beskou word.

<u>Kategorie 12D</u>: Gesprekke met die departementshoof.
Uit kategorie 12D van tabel 5.7 word afgelei dat daar nie 'n beduidende verskil bestaan tussen die persentasie respondente wat gesprekke met die de= partementshoof as tweede (2) effektiefste (36,8%, d.w.s. 67/182) en as effektiefste (1) (37,4%, d.w.s. 68/182) metode vir die hoof om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing te identifiseer, beskou nie.

<u>Kategorie 12E</u>: Gesprekke met die SOA.
Uit kategorie 12E van tabel 5.7 word afgelei dat die meeste respondente (29,8%, d.w.s. 54/181) ge= sprekke met die SOA as vyfde (5) effektiefste me= tode vir die hoof om die noodsaak tot kurrikulum= vernuwing te identifiseer, beskou.

5.9.2.7 <u>Die doeltreffendheid van die wyses waarop die hoof homself in die geleentheid behoort te stel om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing raak te sien (vgl. vraag 13, Bylaag F)</u>

Die response van al die respondente oor die doel= treffendheid van die wyses waarop die hoof homself in die geleentheid behoort te stel om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing raak te sien, word hier in tabelvorm weergegee en daarna word die gegewens in elke kategorie geïnterpreteer.

Tabel 5.8 Die doeltreffendheid van die wyses waarop die hoof homself in die geleentheid behoort te stel om die noodsaak tot kurrikulumver=nuwing raak te sien

| Kate=gorie | Respon=dente | Baie doel=treffend | Doel=treffend | Minder doel=treffend | Ondoel=treffend | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 13A | f | 31 | 96 | 52 | 6 | 185 |
| | % | 16,8 | 51,9 | 28,1 | 3,2 | 100 |
| 13B | f | 62 | 73 | 45 | 5 | 185 |
| | % | 33,5 | 39,5 | 24,3 | 2,7 | 100 |
| 13C | f | 28 | 68 | 71 | 16 | 183 |
| | % | 15,3 | 37,2 | 38,8 | 8,7 | 100 |
| 13D | f | 110 | 70 | 4 | 1 | 185 |
| | % | 59,5 | 37,8 | 2,2 | 0,5 | 100 |
| 13E | f | 94 | 74 | 13 | 2 | 183 |
| | % | 51,4 | 40,4 | 7,1 | 1,1 | 100 |
| 13F | f | 67 | 88 | 27 | 2 | 184 |
| | % | 36,4 | 47,8 | 14,7 | 1,1 | 100 |
| 13G | f | 28 | 63 | 74 | 20 | 185 |
| | % | 15,1 | 34,1 | 40,0 | 10,8 | 100 |
| 13H | f | 32 | 95 | 52 | 6 | 185 |
| | % | 17,3 | 51,4 | 28,1 | 3,2 | 100 |
| 13I | f | 30 | 71 | 64 | 18 | 183 |
| | % | 16,4 | 38,8 | 35,0 | 9,8 | 100 |
| 13J | f | 42 | 107 | 31 | 5 | 185 |
| | % | 22,7 | 57,8 | 16,8 | 2,7 | 100 |
| 13K | f | 59 | 102 | 19 | 4 | 184 |
| | % | 32,1 | 55,4 | 10,3 | 2,2 | 100 |

In tabel 5.8 word die gegewens van die respondente oor die doeltreffendheid van die volgende wyses waarop die hoof as professionele leier homself in die geleentheid behoort te stel om die nood=saak tot kurrikulumvernuwing raak te sien, weer=gegee.

Kategorie 13A: Deur opvoedkundige literatuur by=voorbeeld Onderwysbulletins, Educational Journal en verslae van onder andere die RGN te lees.

Uit kategorie 13A word afgelei dat die meeste respondente (51,9%, d.w.s. 96/185) die lees van opvoedkundige literatuur as 'n doeltreffende wyse beskou waarop die hoof homself in die geleentheid kan stel om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing raak te sien.

Kategorie 13B: Deur die bywoning van hoofdever= gaderings en kursusse vir skoolhoofde.
Uit kategorie 13B word afgelei dat die meeste respondente (39,5%, d.w.s. 73/185) die bywoon van hoofdevergaderings en kursusse vir skoolhoofde as 'n doeltreffende wyse waarop die hoof homself in die geleentheid kan stel om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing raak te sien, beskou.

Kategorie 13C: Gedurende die indiensopleiding van onderwysers en studente gedurende praktiese onderwys.
Uit kategorie 13C word afgelei dat daar nie 'n beduidende verskil tussen die persentasie respon= dente wat indiensopleiding van onderwysers en studente gedurende praktiese onderwys as 'n doel= treffende (37,2%, d.w.s. 68/183) en minder doel= treffende (38,8%, d.w.s. 71/183) wyse waarop die hoof homself in die geleentheid behoort te stel om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing raak te sien beskou, bestaan nie. Geen definitiewe af= leiding is dus hieroor moontlik nie.

Kategorie 13D: Deur gereelde gesprekke met die departementshoof om sodoende inligting in te win oor die kurrikulumvernuwing.
Uit kategorie 13D word afgelei dat die meeste respondente (59,5%, d.w.s. 110/185) gereelde gesprekke met die departementshoof om sodoende inligting in te win oor kurrikulumvernuwing as 'n baie doeltreffende wyse beskou waarop die hoof homself in die geleentheid kan stel om die nood= saak tot kurrikulumvernuwing raak te sien.

Kategorie 13E: Deur persoonlike kontak met die onderwyser na klasbesoek.
Uit kategorie 13E kan afgelei word dat die meeste respondente (51,4%, d.w.s. 94/183) persoonlike kontak met die onderwyser na klasbesoek as 'n baie doeltreffende wyse beskou waarop die hoof homself in die geleentheid kan stel om die nood=saak tot kurrikulumvernuwing raak te sien.

Kategorie 13F: Gedurende gesprekke met die SOA.
Uit kategorie 13F word afgelei dat die meeste respondente (47,8%, d.w.s. 88/184) gesprekke met die SOA as 'n doeltreffende wyse beskou waarop die hoof homself in die geleentheid kan stel om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing raak te sien.

Kategorie 13G: Deur spesiale lesings en simpo=siums by universiteite by te woon.
Uit kategorie 13G word afgelei dat die meeste respondente (40%, d.w.s. 74/185) die bywoon van spesiale lesings en simposiums by universiteite as 'n minder doeltreffende wyse beskou waarop die hoof homself in die geleentheid kan stel om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing raak te sien.

Kategorie 13H: Deur verslae van institute by=voorbeeld die Buro vir kurrikulering en evaluering, te bestudeer.
Uit kategorie 13H word afgelei dat die meeste respondente (51,4%, d.w.s. 95/185) die bestude=ring van verslae van institute as 'n doeltreffende wyse beskou waarop die hoof homself in die geleent=heid kan stel om die noodsaak tot kurrikulumver=nuwing raak te sien.

Kategorie 13I: Deur verdere studie in kurriku=lumkunde te onderneem.
Uit kategorie 13I word afgelei dat daar nie 'n beduidende verskil tussen die persentasie respon=dente wat verdere studie in kurrikulumkunde as 'n

doeltreffende (38,8%, d.w.s. 71/183) en as 'n minder doeltreffende (35,0%, d.w.s. 64/183) wyse vir die hoof om homself in die geleentheid te kan stel om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing raak te sien, beskou nie. Geen definitiewe afleiding is dus hieroor moontlik nie.

Kategorie 13J: Deur lesings en groepbesprekings oor kurrikulumvernuwing by onderwysersentrums by te woon.
Uit kategorie 13J kan afgelei word dat die meeste respondente (57,8%, d.w.s. 107/185) die bywoon van lesings en groepbesprekings oor kurrikulumvernuwing by onderwysersentrums as 'n doeltreffende wyse waarop die hoof homself in die geleentheid kan stel om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing te kan raaksien, beskou.

Kategorie 13K: Deur die verslae van vakkomitees noukeurig te bestudeer.
Uit kategorie 13K word afgelei dat die meeste respondente (55,4%, d.w.s. 102/184) die noukeu= rige bestudering van die verslae van vakkomitees as 'n doeltreffende wyse beskou waarop die hoof homself in die geleentheid kan stel om die nood= saak tot kurrikulumvernuwing raak te sien.

5.9.2.8 Wyses waarop die hoof seker kan maak dat hy die vernuwing wat geïmplementeer moet word, ten volle begryp (vgl.vraag 14, Bylaag F)

Die response van al die respondente oor die wyses waarop die hoof seker kan maak dat hy die vernu= wing wat geïmplementeer moet word, ten volle be= gryp, word hier in tabelvorm weergegee en daarna word die gegewens in elke kategorie geïnterpre= teer.

Tabel 5.9 Wyses waarop die hoof seker kan maak dat hy die vernuwing wat geïmplementeer moet word, ten volle begryp

| Kate= gorie | Respon= dente | Baie doel= treffend | Doel= treffend | Minder doel= treffend | Ondoel= treffend | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 14A | *f* | 32 | 61 | 66 | 26 | 185 |
| | % | 17,3 | 33,0 | 35,7 | 14,0 | 100 |
| 14B | *f* | 136 | 44 | 5 | 0 | 185 |
| | % | 73,5 | 23,8 | 2,7 | 0,0 | 100 |
| 14C | *f* | 78 | 71 | 30 | 6 | 185 |
| | % | 42,2 | 38,4 | 16,2 | 3,2 | 100 |
| 14D | *f* | 112 | 54 | 15 | 4 | 185 |
| | % | 60,5 | 29,2 | 8,1 | 2,2 | 100 |

In tabel 5.9 word die gegewens van respondente oor die doeltreffendheid van die wyses wat die hoof kan gebruik om seker te maak dat hy die vernuwing wat geïmplementeer moet word, ten volle begryp, weergegee.

Kategorie 14A: Deur al die dokumente self te bestudeer.
Uit kategorie 14A word afgelei dat daar nie 'n beduidende verskil bestaan tussen die persen= tasie respondente wat die bestudering van al die dokumente deur die hoof self as 'n minder doel= treffende wyse (35,7%, d.w.s. 66/185) en die respondente wat dit as 'n doeltreffende wyse (33,0%, d.w.s. 61/185) beskou nie. Geen defi= nitiewe afleiding is dus moontlik nie.

Kategorie 14B: Deur die betrokke departements= hoof en vakonderwysers te vra om die voorge= stelde vernuwing te bestudeer en aan die hoof terug te rapporteer.
Uit kategorie 14B word afgelei dat die meeste respondente (73,5%, d.w.s. 136/185) die wyse waar die betrokke departementshoof en vakonder= wysers die voorgestelde vernuwing eers bestudeer

en daarna aan die hoof terugrapporteer, beskou as 'n baie doeltreffende metode wat die hoof kan gebruik om seker te maak dat hy die vernuwing wat geïmplementeer word ten volle begryp.

Kategorie 14C: Deur 'n besoek van die SOA te reël, om die vernuwing by die skool bekend te stel.
Uit kategorie 14C word afgelei dat daar nie 'n beduidende verskil bestaan tussen die persentasie respondente wat die reël van 'n besoek deur die SOA, om die vernuwing by die skool bekend te stel, as baie doeltreffend (42,2%, d.w.s. 78/185) en as doeltreffend (38,4%, d.w.s. 71/185) beskou nie.
Die meeste respondente beskou dié wyse egter wel as "baie doeltreffend" en "doeltreffend".

Kategorie 14D: Deur 'n vergadering van al die betrokke departementshoofde aan die buurskole onder die leiding van die SOA by 'n sentrale skool of onderwysersentrum te belê, om die vernuwing te verduidelik.
Uit kategorie 14D word afgelei dat die meeste respondente (60,5%, d.w.s. 112/185) die belê van 'n vergadering van al die betrokke departementshoofde van buurskole onder die leiding van die SOA om die vernuwing te verduidelik,.as 'n baie doeltreffende wyse beskou vir die hoof om sodoende seker te maak dat hy die vernuwing wat geïmplementeer word, ten volle begryp.

5.9.2.9 Wyses waarop die hoof 'n gunstige klimaat vir die implementering van kurrikulumvernuwing kan skep (vgl. vraag 15, Bylaag F)

Die response van al die respondente oor die wyses waarop die hoof 'n gunstige klimaat vir die implementering van kurrikulumvernuwing kan skep, word hier in tabelvorm weergegee en daarna word die gegewens in elke kategorie geïnterpreteer.

Tabel 5.10 Wyses waarop die hoof 'n gunstige klimaat vir die implementering van kurrikulumvernuwing kan skep

| Kategorie | Respondente | Baie doeltreffend | Doeltreffend | Minder doeltreffend | Ondoeltreffend | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 15A | *f* | 141 | 43 | 1 | 0 | 185 |
| | % | 76,2 | 23,2 | 0,6 | 0,0 | 100 |
| 15B | *f* | 42 | 93 | 42 | 8 | 185 |
| | % | 22,7 | 50,3 | 22,7 | 4,3 | 100 |
| 15C | *f* | 114 | 66 | 5 | 0 | 185 |
| | % | 61,6 | 35,7 | 2,7 | 0,0 | 100 |
| 15D | *f* | 127 | 57 | 1 | 0 | 185 |
| | % | 68,7 | 30,8 | 0,5 | 0,0 | 100 |

In tabel 5.10 word die gegewens van respondente oor die doeltreffendheid van die wyses waarmee die hoof 'n gunstige klimaat vir die implementering van kurrikulumvernuwing kan skep, weergegee.

Kategorie 15A: Deur belang te stel in wat die onderwysers doen en wat hulle vordering met die vernuwing is.
Uit kategorie 15A word afgelei dat die meeste respondente (76,2%, d.w.s. 141/185) die belangstelling in wat die onderwysers doen en wat hulle vordering met die vernuwing is, as 'n baie doeltreffende wyse beskou waarmee die hoof 'n gunstige klimaat vir die implementering van kurrikulumvernuwing kan skep.

Kategorie 15B: Deur die onderwysers tot verdere studie in kurrikulumkunde aan te moedig en sodoende hulle belangstelling in kurrikulumvernuwing te prikkel.
Uit kategorie 15B word afgelei dat die meeste respondente (50,3%, d.w.s. 93/185) die aanmoediging van onderwysers tot verdere studie as 'n doeltreffende wyse beskou, waarmee die hoof

'n gunstige klimaat vir die implementering van kur=rikulumvernuwing kan skep.

<u>Kategorie 15C</u>: Deur die onderwysers aan te moedig om in groepe saam te werk om sodoende uit mekaar se suksesse en probleme te leer.
Uit kategorie 15C word afgelei dat die meeste respondente (61,6%, d.w.s. 114/185) die aanmoedi=ging van die onderwysers om in groepe saam te werk om sodoende uit mekaar se suksesse en probleme te leer, beskou as 'n baie doeltreffende wyse waarmee die hoof 'n gunstige klimaat vir die implementering van kurrikulumvernuwing kan skep.

<u>Kategorie 15D</u>: Deur die onderwysers aan te moedig om, sodra hulle probleme ondervind, dit direk met die departementshoof of hoof te bespreek om so=doende hulp te verkry.
Uit kategorie 15D word afgelei dat die meeste respondente (68,7%, d.w.s. 127/185) die aanmoedi=ging van die onderwysers, om sodra hulle probleme ondervind, dit direk met die departementshoof of hoof te bespreek om sodoende hulp te verkry, beskou as 'n baie doeltreffende wyse waarop die hoof 'n gunstige klimaat vir die implementering van kur=rikulumvernuwing kan skep.

Al die genoemde wyses waarop die hoof 'n gunstige klimaat vir die implementering van kurrikulumver=nuwing kan skep (vgl. 15A-D), word as "doeltreffend" en "baie doeltreffend" beskou.

5.9.2.10 <u>Bestaande kommunikasie tydens die implementering van kurrikulumvernuwing (vgl. vraag 16, Bylaag F)</u>

Die response van al die respondente oor die be=staande kommunikasie tydens die implementering van kurrikulumvernuwing, word hier in tabelvorm weergegee en daarna word die gegewens in elke kategorie geïnterpreteer.

Tabel 5.11 Bestaande kommunikasie tydens die implemen= tering van kurrikulumvernuwing

| Kate= gorie | Respon= dente | Tot 'n groot mate | Tot 'n mate | Tot 'n mindere mate | Onbedui= dend | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 16A | *f* | 17 | 56 | 76 | 36 | 185 |
| | % | 9,2 | 30,3 | 41,1 | 19,4 | 100 |
| 16B | *f* | 29 | 73 | 62 | 19 | 183 |
| | % | 15,9 | 39,9 | 33,9 | 10,3 | 100 |
| 16C | *f* | 10 | 44 | 68 | 62 | 184 |
| | % | 5,4 | 23,9 | 37,0 | 33,7 | 100 |
| 16D | *f* | 15 | 60 | 62 | 47 | 184 |
| | % | 8,2 | 32,6 | 33,7 | 25,5 | 100 |

In tabel 5.11 word die gegewens van respondente oor die mate van kommunikasie wat daar tans be= staan gedurende die implementering van kurriku= lumvernuwing tussen die volgende persone, weer= gegee.

Kategorie 16A: Die onderwyser en die SOA.
Uit kategorie 16A word afgelei dat die meeste respondente (41,1%, d.w.s. 76/185) van mening is dat daar tot 'n mindere mate kommunikasie gedurende die implementering van kurrikulumver= nuwing tussen die onderwyser en die SOA bestaan.

Kategorie 16B: Die departementshoof en die SOA.
Uit kategorie 16B word afgelei dat die meeste respondente (39,9%, d.w.s. 73/183) van mening is dat daar tot 'n mate kommunikasie bestaan tussen die departementshoof en die SOA gedurende die implementering van kurrikulumvernuwing.

Kategorie 16C: Die onderwyser en die studie= komitee.
Uit kategorie 16C word afgelei dat daar nie 'n beduidende verskil bestaan tussen die persen= tasie respondente wat van mening is dat daar tot 'n mindere mate (37,0%, d.w.s. 68/184) en onbe= duidende (33,7%, d.w.s. 62/184) kommunikasie

tussen die onderwyser en die studiekomitee be= staan tydens die implementering van kurrikulum= vernuwing nie.

Die meeste respondente is van mening dat daar "tot 'n mindere mate" of "onbeduidende" kommuni= kasie tussen die onderwyser en die studiekomitee bestaan tydens die implementering van kurrikulum= vernuwing.

Kategorie 16D: Die departementshoof en die studiekomitee.
Uit kategorie 16D word afgelei dat daar nie 'n be= duidende verskil bestaan tussen die respondente wat van mening is dat kommunikasie tussen die departementshoof en die studiekomitee tot 'n min= dere mate (33,7%, d.w.s. 62/184) en tot 'n mate (32,6%, d.w.s. 60/184) bestaan gedurende die im= plementering van kurrikulumvernuwing nie. Geen definitiewe afleiding is dus hieroor moontlik nie.

5.9.2.11 Die doeltreffendheid van die wyses waarop die hoof kommunikasie tussen die betrokke persone tydens die implementering van kurrikulumvernu= wing kan inisieer en/of bewerkstellig (vgl. vraag 17, Bylaag F)

Die response van al die respondente oor die doel= treffendheid van die wyses waarop die hoof kommu= nikasie tussen die betrokke persone tydens die implementering van kurrikulumvernuwing kan ini= sieer en/of bewerkstellig, word hier in tabelvorm weergegee en daarna word die gegewens in elke kategorie geïnterpreteer.

Tabel 5.12 Die doeltreffendheid van die wyses waarop die hoof kommunikasie tussen die betrokke persone tydens die implementering van kur=rikulumvernuwing kan inisieer en/of be=werkstellig

| Kate=gorie | Respon=dente | Baie doel=treffend | Doel=treffend | Minder doel=treffend | Ondoel=treffend | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 17A | *f* | 94 | 80 | 11 | 0 | 185 |
| | % | 50,8 | 43,2 | 6,0 | 0,0 | 100 |
| 17B | *f* | 148 | 35 | 2 | 0 | 185 |
| | % | 80,0 | 18,9 | 1,1 | 0,0 | 100 |
| 17C | *f* | 51 | 85 | 43 | 6 | 185 |
| | % | 27,6 | 46,0 | 23,2 | 3,2 | 100 |
| 17D | *f* | 98 | 65 | 22 | 0 | 185 |
| | % | 53,0 | 35,1 | 11,9 | 0,0 | 100 |

In tabel 5.12 word die gegewens van respondente oor die doeltreffendheid van die volgende wyses waarop die hoof kommunikasie tussen die betrokke persone tydens die implementering van kurrikulum=vernuwing kan inisieer en/of bewerkstellig, weer=gegee.

Kategorie 17A: Deur gereelde gesprekke tussen die vakonderwysers aan te moedig.
Uit kategorie 17A word afgelei dat die meeste respondente (50,8%, d.w.s. 94/185) van mening is dat die hoof die kommunikasie tussen die betrokke persone tydens die implementering van kurrikulum=vernuwing baie doeltreffend kan inisieer en/of bewerkstellig deur gereelde gesprekke tussen die vakonderwysers aan te moedig.

Kategorie 17B: Deur die departementshoof aan te moedig om die vakonderwysers gereeld bymekaar te roep vir die bespreking van die vernuwing.
Uit kategorie 17B word afgelei dat die meeste respondente (80%, d.w.s. 148/185) van mening is dat die hoof kommunikasie tussen die betrokke persone tydens die implementering van kurrikulum=

vernuwing baie doeltreffend kan inisieer en/of bewerkstellig deur die departementshoof aan te moedig om die vakonderwysers gereeld bymekaar te roep vir die bespreking van die vernuwing.

Kategorie 17C: Deur die SOA van tyd tot tyd te versoek om die onderwysers toe te spreek.
Uit kategorie 17C word afgelei dat die meeste respondente (46%, d.w.s. 85/185) van mening is dat die hoof kommunikasie tussen die betrokke persone tydens die implementering van kurrikulum=vernuwing doeltreffend kan inisieer en/of bewerk=stellig deur die SOA van tyd tot tyd te versoek om die onderwysers toe te spreek oor die vernuwing.

Kategorie 17D: Deur werkgemeenskappe van onder=wysers en departementshoofde van verskillende skole aan te moedig, om sodoende gesprekvoering te stimuleer.
Uit kategorie 17D word afgelei dat die meeste respondente (53%, d.w.s. 98/185) van mening is dat die hoof kommunikasie tussen die betrokke persone tydens die implementering van kurrikulumvernuwing baie doeltreffend kan inisieer en/of bewerkstellig deur werkgemeenskappe van onderwysers en departe=mentshoofde van verskillende skole aan te moedig, om sodoende gesprekvoering te stimuleer.

Al die genoemde wyses waarop die kommunikasie tus=sen die betrokke persone tydens die implementering van kurrikulumvernuwing geïnisieer en/of bewerk=stellig kan word (vgl. 17A-D), word deur die re=spondente as "doeltreffend" en "baie doeltreffend" beskou.

5.9.2.12 Die belang van die hoof se aandeel in die beplan=ning vir kurrikulumvernuwing (vgl. vraag 18, By=laag F)

Die response van al die respondente oor die belang van die hoof se aandeel in die beplanning vir kur=rikulumvernuwing word hier in tabelvorm weergegee en daarna word die gegewens in elke kategorie ge=interpreteer.

Tabel 5.13 Die belang van die hoof se aandeel in die beplanning vir kurrikulumvernuwing

| Kategorie | Respondente | Baie belangrik | Belangrik | Minder belangrik | Onbelangrik | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 18A | *f* | 74 | 75 | 29 | 6 | 184 |
| | % | 40,2 | 40,8 | 15,8 | 3,2 | 100 |
| 18B | *f* | 112 | 57 | 13 | 2 | 184 |
| | % | 60,9 | 31,0 | 7,0 | 1,1 | 100 |
| 18C | *f* | 53 | 80 | 45 | 6 | 184 |
| | % | 28,8 | 43,5 | 24,5 | 3,2 | 100 |
| 18D | *f* | 68 | 70 | 39 | 7 | 184 |
| | % | 37,0 | 38,0 | 21,2 | 3,8 | 100 |
| 18E | *f* | 53 | 72 | 53 | 6 | 184 |
| | % | 28,8 | 39,1 | 28,8 | 3,3 | 100 |
| 18F | *f* | 76 | 80 | 27 | 1 | 184 |
| | % | 41,3 | 43,5 | 14,7 | 0,5 | 100 |

In tabel 5.13 word die menings van respondente oor die belang van die hoof se aandeel in die beplanning vir kurrikulumvernuwing, wat die beantwoording van die volgende vrae betref, weergegee.

Kategorie 18A: Wat moet gedoen word tydens die implementering van kurrikulumvernuwing?
Uit kategorie 18A word afgelei dat daar nie 'n beduidende verskil bestaan tussen die persentasie respondente wat die aandeel van die hoof oor die bepaling van wat gedoen moet word tydens die implementering van kurrikulumvernuwing as belangrik (40,8%, d.w.s. 75/184) en as baie belangrik (40,2%, d.w.s. 74/184) beskou nie.

Kategorie 18B: Wie gaan dit doen?
Uit kategorie 18B kan afgelei word dat die meeste respondente (60,9%, d.w.s. 112/184) die hoof se beplanningsaandeel om te bepaal wie die implementering van kurrikulumvernuwing gaan doen, as baie belangrik beskou.

Kategorie 18C: In watter volgorde gaan dit gedoen word?

Uit kategorie 18C word afgelei dat die meeste respondente (43,5%, d.w.s. 80/184) die hoof se aandeel in die beplanning om te bepaal in watter volgorde kurrikulumvernuwing gedoen gaan word, as belangrik beskou.

Kategorie 18D: In watter standerd gaan dit gedoen word?

Uit kategorie 18D word afgelei dat daar nie 'n beduidende verskil bestaan nie tussen die persentasie respondente wat die aandeel van die hoof om te beplan in watter standerd die implementering van kurrikulumvernuwing gedoen gaan word, as belangrik (38%, d.w.s. 70/184) en as baie belangrik (37%, d.w.s. 68/184) beskou.

Kategorie 18E: Watter onderwysmetodes gaan gebruik word?

Uit kategorie 18E word afgelei dat die meeste respondente (39,1%, d.w.s. 72/184) die hoof se aandeel in die beplanning oor van watter onderwysmetodes gebruik gemaak gaan word, as belangrik beskou.

Kategorie 18F: Hoe en wanneer gaan daar geëvalueer word?

Uit kategorie 18F word afgelei dat daar nie 'n beduidende verskil bestaan tussen die respondente wat die hoof se aandeel in die beplanning van hoe en wanneer die nuwe kurrikulum geëvalueer gaan word, as belangrik (43,5%, d.w.s. 80/184) en as baie belangrik (41,3%, d.w.s. 76/184) beskou nie.

Die belang van die hoof se aandeel in die beplanning vir kurrikulumvernuwing word by die beantwoording van al die genoemde vrae (vgl. 18A-F) deur die respondente as "belangrik" en "baie belangrik" beskou.

5.9.2.13 Die belang van die hoof se aandeel in die organisering vir kurrikulumvernuwing

(vgl. vraag 19, Bylaag F)

Die response van al die respondente oor die be=lang van die hoof se aandeel in die organisering vir kurrikulumvernuwing word hier in tabelvorm weergegee en daarna word die gegewens in elke kategorie geïnterpreteer.

Tabel 5.14 Die belang van die hoof se aandeel in die organisering vir kurrikulumvernuwing

| Kate=gorie | Respon=dente | Baie be=langrik | Belang=rik | Minder belang=rik | Onbe=langrik | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 19A | *f* | 85 | 72 | 24 | 3 | 184 |
| | % | 46,2 | 39,1 | 13,1 | 1,6 | 100 |
| 19B | *f* | 101 | 63 | 17 | 3 | 184 |
| | % | 54,9 | 34,3 | 9,2 | 1,6 | 100 |
| 19C | *f* | 47 | 71 | 49 | 17 | 184 |
| | % | 25,6 | 38,6 | 26,6 | 9,2 | 100 |
| 19D | *f* | 90 | 71 | 18 | 4 | 183 |
| | % | 49,2 | 38,8 | 9,8 | 2,2 | 100 |
| 19E | *f* | 72 | 83 | 23 | 6 | 184 |
| | % | 39,1 | 45,1 | 12,5 | 3,3 | 100 |

In tabel 5.14 word die menings van respondente oor die belang van die hoof se aandeel in die organisering vir kurrikulumvernuwing wat die volgende betref, weergegee.

Kategorie 19A: Die beskikbaarstelling van onderwysmedia en -apparaat.
Uit kategorie 19A word afgelei dat die meeste respondente (46,2%, d.w.s. 85/184) die hoof se aandeel in die beskikbaarstelling van onderwys=media en apparaat as baie belangrik beskou.

Kategorie 19B: Die beskikbaarstelling van fasiliteite bv. lokale.
Uit kategorie 19B word afgelei dat die meeste respondente (54,9%, d.w.s. 101/184) die hoof

se aandeel in die beskikbaarstelling van fasiliteite as baie belangrik beskou.

Kategorie 19C: Die gereelde versiening van die apparaat.
Uit kategorie 19C word afgelei dat die meeste respondente (38,6%, d.w.s. 71/184) die hoof se aandeel in die gereelde versiening van apparaat as belangrik beskou.

Kategorie 19D: Die voorkoming van botsings op die perioderoosters.
Uit kategorie 19D word afgelei dat die meeste respondente (49,2%, d.w.s. 90/183) die aandeel van die hoof in die voorkoming van botsings op die perioderoosters as baie belangrik beskou.

Kategorie 19E: Reël dat kundige persone bv. kurrikulumkundiges die skool besoek om hulp te verleen.
Uit kategorie 19E word afgelei dat die meeste respondente (45,1%, d.w.s. 83/184) die aandeel van die hoof in die reëlings dat kundige persone bv. kurrikulumkundiges die skool besoek om hulp te verleen as belangrik beskou.

Al die genoemde wyses waarop die hoof bydra tot die organisering vir kurrikulumvernuwing (vgl. 19A-E) word deur die meeste respondente as "belangrik" en "baie belangrik" beskou.

5.9.2.14 Wyses waarop die hoof beheer oor die implementering van kurrikulumvernuwing kan uitoefen (vgl. vraag 20, Bylaag F)

Die response van al die respondente oor die wyses waarop die hoof beheer oor die implementering van kurrikulumvernuwing kan uitoefen, word hier in tabelvorm weergegee en daarna word die gegewens in elke kategorie geïnterpreteer.

Tabel 5.15 Wyses waarop die hoof beheer oor die implementering van kurrikulumvernuwing kan uitoefen

| Kate=gorie | Respon=dente | Baie doel=treffend | Doel=treffend | Minder doel=treffend | Ondoel=treffend | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 20A | f | 97 | 73 | 13 | 2 | 185 |
| | % | 52,4 | 39,5 | 7,0 | 1,1 | 100 |
| 20B | f | 34 | 78 | 62 | 11 | 185 |
| | % | 18,3 | 42,2 | 33,5 | 6,0 | 100 |
| 20C | f | 84 | 79 | 21 | 1 | 185 |
| | % | 45,4 | 42,7 | 11,4 | 0,5 | 100 |
| 20D | f | 44 | 76 | 46 | 18 | 184 |
| | % | 23,9 | 41,3 | 25,0 | 9,8 | 100 |

In tabel 5.15 word die menings van respondente oor die doeltreffendheid van die volgende wyses waarop die hoof beheer oor die implementering van kurrikulumvernuwing kan uitoefen, weergegee.

Kategorie 20A: Klasbesoek
Uit kategorie 20A word afgelei dat die meeste respondente (52,4%, d.w.s. 97/185) klasbesoek as baie doeltreffend vir die hoof om beheer oor die implementering van kurrikulumvernuwing uit te oefen, beskou.

Kategorie 20B: Kontrole van die leerlinge se werk.
Uit kategorie 20B word afgelei dat die meeste respondente (42,2%, d.w.s. 78/185) kontrole van die leerlinge se werk deur die hoof, om sodoende beheer oor die implementering van kurrikulumver=nuwing uit te oefen, as doeltreffend beskou.

Kategorie 20C: Kontrole van die onderwysers se administratiewe stukke bv. voorbereiding, skema en verslag.
Uit kategorie 20C word afgelei dat daar nie 'n beduidende verskil tussen die persentasie re=spondente wat die kontrole van die onderwysers

se administratiewe stukke deur die hoof om so=doende beheer oor die implementering van kurri=kulumvernuwing uit te oefen, as doeltreffend (42,7%, d.w.s. 79/185) en as baie doeltreffend (45,4%, d.w.s. 84/185) beskou, bestaan nie.

Kategorie 20D: Kontrole van die leerlinge se punte in toetse en eksamens.
Uit kategorie 20D word afgelei dat die meeste respondente (41,3%, d.w.s. 76/184) kontrole van die leerlinge se punte in toetse en eksamens deur die hoof as doeltreffend beskou om beheer oor die implementering van kurrikulumvernuwing uit te oefen.

Al die genoemde wyses waarop die hoof beheer oor die implementering van kurrikulumvernuwing kan uitoefen (vgl. 20A-D), word deur die meeste re=spondente as "doeltreffend" en "baie doeltreffend" beskou.

5.9.2.15 Die belangrikheid van die hoof se aandeel tydens die evaluering van die nuwe kurrikulum (vgl. vraag 21, Bylaag F)

Die response van al die respondente oor die belang=rikheid van die hoof se aandeel tydens die evalu=ering van die nuwe kurrikulum word hier in tabel=vorm weergegee en daarna word die gegewens in elke kategorie geïnterpreteer.

Tabel 5.16 Die belangrikheid van die hoof se aandeel tydens die evaluering van die nuwe kurrikulum

| Kate=gorie | Respon=dente | Baie be=langrik | Belang=rik | Minder belang=rik | Onbe=langrik | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 21A | f | 44 | 88 | 42 | 10 | 184 |
| | % | 24,0 | 47,8 | 22,8 | 5,4 | 100 |
| 21B | f | 81 | 82 | 17 | 3 | 183 |
| | % | 44,3 | 44,8 | 9,3 | 1,6 | 100 |

In tabel 5.16 word die menings van respondente oor die belangrikheid van die hoof se aandeel tydens die evaluering van die nuwe kurrikulum weergegee.

Kategorie 21A: Identifisering van probleme en leemtes in die kurrikulum.
Uit kategorie 21A word afgelei dat die meeste respondente (47,8%, d.w.s. 88/184) die aandeel van die hoof in die identifisering van probleme en leemtes in die kurrikulum, tydens die eva=luering daarvan, as belangrik beskou.

Kategorie 21B: Terugvoering van gegewens aan die departement.
Uit kategorie 21B word afgelei dat daar nie 'n beduidende verskil tussen die persentasie re=spondente bestaan wat die aandeel van die hoof in die terugvoering van gegewens aan die departe=ment tydens die evaluering van die nuwe kurri=kulum as belangrik (44,8%, d.w.s. 82/183) en as baie belangrik (44,3%, d.w.s. 81/183) beskou nie.

Al die genoemde wyses waarop die hoof 'n aan=deel tydens die evaluering van die nuwe kurri=kulum kan hê (vgl. 21A-B) word deur die meeste respondente as "belangrik" en "baie belangrik" beskou.

5.9.2.16 Die doeltreffendheid van die wyses waarvolgens die hoof vir sy taak as hoof opgelei kan word (vgl. vraag 22, Bylaag F)

Die response van al die respondente oor die doeltreffendheid van die wyses waarvolgens die hoof vir sy taak as hoof opgelei kan word, word hier in tabelvorm weergegee en daarna word elke kategorie geïnterpreteer.

Tabel 5.17 Die doeltreffendheid van die wyses waarvolgens die hoof vir sy taak as hoof opgelei kan word

| Kate= gorie | Respon= dente | Baie doel= treffend | Doel= treffend | Minder doel= treffend | Ondoel= treffend | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|
| 22A | *f* | 100 | 69 | 12 | 2 | 183 |
| | % | 54,6 | 37,7 | 6,6 | 1,1 | 100 |
| 22B | *f* | 56 | 94 | 28 | 5 | 183 |
| | % | 30,6 | 51,4 | 15,3 | 2,7 | 100 |
| 22C | *f* | 49 | 82 | 46 | 5 | 182 |
| | % | 26,9 | 45,1 | 25,3 | 2,7 | 100 |
| 22D | *f* | 94 | 79 | 8 | 2 | 183 |
| | % | 51,4 | 43,2 | 4,4 | 1,0 | 100 |
| 22E | *f* | 11 | 24 | 70 | 77 | 182 |
| | % | 6,0 | 13,2 | 38,5 | 42,3 | 100 |

In tabel 5.17 word die menings van die respon= dente oor die doeltreffendheid van die volgende wyses waarvolgens die hoof vir sy taak as hoof opgelei kan word, weergegee.

Kategorie 22A: Indiensopleidingskursusse deur die onderwysdepartement.
Uit kategorie 22A word afgelei dat die meeste respondente (54,6%, d.w.s. 100/183) indiensop= leidingskursusse deur die onderwysdepartement as 'n baie doeltreffende wyse om die hoof vir sy taak as hoof op te lei, beskou.

Kategorie 22B: OKVO-kursusse.
Uit kategorie 22B word afgelei dat die meeste respondente (51,4%, d.w.s. 94/183) OKVO-kursusse as doeltreffend beskou om die hoof vir sy taak as hoof op te lei.

Kategorie 22C: Verdere studie aan 'n universi= teit bv. B.Ed.(kurrikulumkunde).
Uit kategorie 22C word afgelei dat die meeste respondente (45,1%, d.w.s. 82/182) verdere studie aan 'n universiteit vir die opleiding van die hoof vir sy taak as hoof as doeltreffend beskou.

Kategorie 22D: Spesiale kursusse vir die opleiding van potensiële hoofde (adjunk-hoof).
Uit kategorie 22D word afgelei dat die meeste respondente (51,4%, d.w.s. 94/183) spesiale kursusse vir die opleiding van potensiële hoofde as baie doeltreffend beskou.

Kategorie 22E: Geen verdere opleiding - slegs praktiese ondervinding in die skool.
Uit kategorie 22E word daar afgelei dat daar nie 'n beduidende verskil tussen die persentasie re= spondente wat geen verdere opleiding vir die hoof as ondoeltreffend (42,3%, d.w.s. 77/182) en respondente wat dit as minder doeltreffend (38,5%, d.w.s. 70/182) beskou, bestaan nie.

## 5.10 Samevatting en vooruitskouing

In hierdie hoofstuk is die program vir data-insame= ling asook die doel met die empiriese ondersoek ge= gee. Daarna is 'n navorsingshipotese daargestel.

Nadat die omskrywing van die studiepopulasie gegee is, is die vraelys as instrument vir data-insameling bespreek. Die persoonlike onderhoude wat met kur= rikulumkundiges en professionele onderwysleiers ge= voer is, asook die komponente van die vraelys wat aan 239 hoofde van sekondêre skole in Transvaal uitgestuur is - wat gesamentlik die empiriese ondersoek uitmaak - is daarna bespreek en verduidelik.

Daarna is daartoe oorgegaan om die data wat deur middel van die empiriese ondersoek ingesamel is, te analiseer en te interpreteer. Daar is veral gelet op daardie fasette van die terugvoering wat verband hou met die take en die opleiding van die hoof in kurri= kulumvernuwing.

Alhoewel daar op hierdie stadium van die ondersoek nog nie finale afleidings en gevolgtrekkings gemaak word nie, is daar tog bepaalde tendense wat nou reeds uit die ondersoek na vore kom, soos die volgende:

i) Dat die hoof van die sekondêre skool 'n besliste taak in kurrikulumvernuwing het.

ii) Dat die hoof 'n belangrike aandeel het in die inisiëring en implementering van kurrikulumver= nuwing.

iii) Dat gesprekke met die departementshoof en vak= onderwyser as die effektiefste metodes beskou word waarvolgens die hoof bewus kan word van die noodsaak tot kurrikulumvernuwing en waarop die noodsaak tot kurrikulumvernuwing geïdenti= fiseer kan word.

iv) Dat die hoof homself op verskillende wyses doel= treffend in die geleentheid kan stel om die nood= saak tot kurrikulumvernuwing raak te sien en dat hy die vernuwing wat geïmplementeer word ten volle begryp.

v) Dat daar verskillende wyses bestaan waarop die hoof baie doeltreffend 'n gunstige klimaat vir die implementering van kurrikulumvernuwing kan skep.

vi) Dat daar tans tot 'n mindere mate kommunikasie tussen die betrokke persone in kurrikulumver= nuwing bestaan en dat kommunikasie tussen hier= die persone baie doeltreffend deur die hoof ge= ïnisieer kan word.

vii) Dat die hoof 'n belangrike aandeel het in die beplanning, organisering, beheer en evaluering van kurrikulumvernuwing.

viii) Dat die hoof baie doeltreffend vir sy taak in kurrikulumvernuwing opgelei kan word.

ix) Verder is daar ook bevind dat die verskillende demografiese verskille nie 'n noemenswaardige invloed op die menings van die respondente ge= had het nie.

In die volgende hoofstuk sal die finale gevolgtrek= kings en afleidings met betrekking tot die navorsing gemaak word en sal aanbevelings met die oog op verdere navorsing aan die hand gedoen word.

# HOOFSTUK 6

## SAMEVATTING, GEVOLGTREKKINGS EN AANBEVELINGS VIR DIE ONDERWYS EN VERDERE NAVORSING

### 6.1 Inleiding

Oorsee asook hier te lande word daar vandag hoër standaarde aan skole gestel, om sodoende te kan tred hou met die snelontwikkelende wêreld op wetenskaplike en tegnologiese gebied.

"*'n Onderwyskrisis is wesenlik die resultaat van 'n wanbalans of disharmonie tussen die onderwys en die omringende leefwêreld waarin laasgenoemde ingebed is. Sodanige wanbalanse word verlig en selfs opgehef deur aanpassinge waardeur die twee entiteite in ooreen=stemming met mekaar gebring word*" (Van Schalkwyk, 1985(b): 79).

Onderwysveranderinge en veral kurrikulumvernuwing word dus moontlik en wenslik sodra die onderwys in 'n disharmonieuse verhouding tot die omringende lewenswerklikheid te staan kom.

Die hoof as onderrigleier het dus 'n taak in die identifisering, suksesvolle implementering en doel=treffende inkorporering van kurrikulumvernuwing in sy skool. Uit hierdie ondersoek het die wese van kurrikulumvernuwing in die sekondêre skool, die taak van die hoof van die sekondêre skool in kurrikulum=vernuwing en die opleiding van die hoof in kurriku=lumvernuwing aan die lig gekom. Die bogenoemde sal daarom in ag geneem moet word vir die daarstelling van doeltreffende riglyne vir die opleiding van die hoof van die sekondêre skool in kurrikulumvernuwing.

Hierdie slothoofstuk bestaan hoofsaaklik uit vyf komponente. In paragrawe 6.2 en 6.3 word slegs die fokuspunte van die literatuurstudie en die empiriese ondersoek onderskeidelik saamgevat.

In paragraaf 6.4 volg die bevindinge en gevolgtrekkings

waartoe in die navorsing gekom word. Verder word daar ook riglyne aan die hoof vir die inisiëring en imple=mentering van kurrikulumvernuwing asook riglyne vir die opleiding van die hoof in kurrikulumvernuwing daargestel.

In paragraaf 6.5 word die navorsingshipotese ge=evalueer en in paragraaf 6.6 word 'n aantal aanbeve=lings gemaak en sekere riglyne vir verdere navorsing daargestel.

## 6.2 Samevatting van die literatuurstudie

### 6.2.1 Kurrikulêre vernuwing in die sekondêre skool

Om kurrikulumvernuwing in die sekondêre skool in perspektief te kan stel, was dit nodig om duidelik=heid in verband met die volgende begrippe te kry.

#### 6.2.1.1 Vernuwing

Die begrip verandering of wysiging kan ook ver=nuwing impliseer, maar alle veranderinge of ver=nuwinge is nie noodwendig 'n verbetering nie. Ver=nuwing moet dus beskou word as die positiewe ver=andering wat doelbewus, bepland en berekend gerig is op 'n beter en doeltreffender bereiking van die doel.

##### 6.2.1.1.1 Die noodsaaklikheid van vernuwing

Die ordelike vooruitgang van 'n professie soos die onderwys, berus op nugtere en geronde voor=uitbeplanning. Dit is ook waar dat daar gedu=rig aanpassings aan die beplannings gemaak moet word, sodat daar tred gehou kan word met ver=anderende omstandighede. Dit is daarom vir die onderwys van die allergrootste belang dat uit=gediende of verouderde begrippe of handelinge vervang sal word met daardie begrippe of han=delinge wat geldig en verantwoordbaar is, ge=meet aan die eietydse omstandighede.

Dit sal daarom noodsaaklik wees vir die onder=

wysowerhede om ag te slaan op die veranderinge en vernuwings wat plaasvind in die leefwêreld van die kind en sodoende die onderwys dienooreenkomstig te vernuwe om te kan voldoen aan die eise van die tyd wat daaraan gestel word.

6.2.1.1.2 Verskillende wyses waarop vernuwing tot stand gebring kan word

6.2.1.1.2.1 Spontane verandering of wysiging

Spontane veranderinge is veranderinge wat plaasvind sonder dat 'n persoon vooraf daarvan bewus was dat hy 'n verandering gaan laat plaasvind. Die verandering vind dus spontaan plaas.

6.2.1.1.2.2 Beplande veranderinge

Beplande veranderinge vind plaas wanneer daar 'n behoefte ontstaan het om byvoorbeeld die kurrikulum van 'n vak te verander, omdat dit in sy geheel of slegs 'n gedeelte daarvan nie meer aan sy doel beantwoord nie. Hierdie veranderinge word dan ingevoer na deeglike beplanning, navorsing, eksperimentele toepassing en evaluering daarvan.

6.2.1.2 Onderwysvernuwing

Onderwysvernuwing moet gesien word as positiewe veranderinge wat doelbewus, bepland en berekend gerig is op 'n beter en doeltreffender bereiking van die doel van die onderwys. Vernuwing in die onderwys staan gewoonlik in verband met:

- doelstellings
- doelwitte
- leerinhoude
- funksies van gesagsdraers
- strukture (organisasie)
- kennis, insig en waardering van die gebruikers

6.2.1.3 Kurrikulumvernuwing

6.2.1.3.1 Kurrikulum

Die term of begrip kurrikulum word deur verskil= lende kurrikulumkundiges op soveel verskillende wyses gedefinieer, waarskynlik omdat "kurrikulum" telkens vanuit 'n partikuliere verwysingsraamwerk en vanuit 'n bepaalde situasie benader word.

6.2.1.3.2 Kurrikulumontwikkeling en kurrikulumvernuwing

Kurrikulumvernuwing vind as proses op verskillen= de stadia met verskillende betrokkenheid van die hoof plaas. Kurrikulumvernuwing word beskou wanneer enige samevoeging van vroeëre afson= derlike inhoude, byvoeging tot bestaande doel en inhoud van die vak of dele daarvan en/of weg= latings van dele van die kurrikulum voorkom. Indien metodologiese en evalueringsriglyne, wat in gidse vir die onderwyser gegee is, gewysig of in 'n proses van wysiging is, word dit ook as kurrikulumvernuwing beskou.

6.2.1.3.3 Strategieë vir kurrikulumvernuwing

Strategieë vir kurrikulumvernuwing kan beskou word as die metodes of maneuvers waarvan ge= bruik gemaak word om vernuwing binne 'n kurri= kulum tot stand te bring. Die mate van sukses wat behaal gaan word met die implementering van kurrikulumvernuwing, hang grootliks af van die doeltreffendheid van die vernuwingstrate= gieë wat gebruik gaan word.

6.2.1.3.4 Stappe in kurrikulumvernuwing

Kurrikulumvernuwing bestaan uit die volgende stappe, naamlik:

- Inisiëring
- Herontwerp
- Herimplementering
- Herevaluering
- Inkorporering

6.2.1.3.5 Strukture en persone betrokke by kurrikulum=vernuwing

Die volgende persone is betrokke by kurrikulum=vernuwing naamlik: die hoof, adjunk-hoof, de=partementshoof, onderwyser, superintendent van onderwys akademies, dosente vir die opleiding van onderwysers, kurrikulumkundiges en profes=sionele onderwysleiers.

Die volgende strukture is betrokke by kurri=kulumvernuwing, naamlik: die onderwysdeparte=mente (studiekomitees, vakkomitees, onderwys=buro, projekspan, werkgroepe en onderwyser=sentrums), die skool en die klaskamer.

6.2.2 Die taak van die hoof van die sekondêre skool in kurrikulumvernuwing

6.2.2.1 Rolbekleding van die hoof

Verskillende rolbekledings word deur verskillende opvoedkundiges aan die hoof toegesê, naamlik:

. Die hoof as administrateur, waar die admini=stratiewe take van die hoof beklemtoon word.
. Die hoof as professionele onderwysleier waar die professionele leiersrol van die hoof oor die leerlinge, onderwysers en ouers beklemtoon word.
. Die hoof as vernuwingsleier, waar die hoof be=skou word as die inisieerder van alle vernuwing wat daar in die skool plaasvind.
. Die hoof as kurrikulêre vernuwingsleier waar die rol van die hoof in die suksesvolle imple=mentering van kurrikulumvernuwing beklemtoon word.

6.2.2.2 Die taak van die hoof in kurrikulumvernuwing

Die take van die hoof kan verskil in die volgende drie gevalle van kurrikulumvernuwing, naamlik:

6.2.2.2.1 Die take van die hoof wanneer hy self kurri=kulumvernuwing inisieer

In dié geval sal die hoof van die volgende take moet uitvoer, naamlik:

6.2.2.2.1.1 Bewuswording van die moontlikheid tot kurrikulumvernuwing

Die hoof kan bewus word van die noodsaak tot kurrikulumvernuwing deur sake soos die volgende te ondersoek om sodoende te bepaal of die oorsaak daarvan nie in die kurrikulum geleë is nie, naamlik:

- Swak prestasie van die leerlinge.
- Vakke wat deur die leerlinge nie in hulle vakkeuse ingesluit word nie en daarom gevaar loop om nie meer aangebied te word nie.
- Die leerlinge word nie deur werkgewers in diens geneem nie en hulle kom ook nie vir verdere studie in aanmerking nie.

6.2.2.2.1.2 Identifisering van die moontlikheid tot kurrikulumvernuwing

Die hoof kan van die volgende metodes gebruik maak om kurrikulumvernuwingsmoontlikhede te identifiseer, naamlik:

- Deur die raadpleging van opvoedkundige literatuur kan die hoof homself op die hoogte bring van die nuutste navorsing wat daar in die verband gedoen is. Met hierdie breër agtergrondkennis kan die hoof beter daartoe in staat wees om vernuwingsmoontlikhede in die kurrikulum te identifiseer.
- Deur hoofdevergaderings en kursusse vir skoolhoofde by te woon en daardeur ook deel te hê aan die aktiwiteite van die hoofdekring, kan die hoof homself op die hoogte bring van vernuwingsmoontlikhede wat daar in sy skool mag bestaan.
- Deur homself voor te berei vir die indiensopleiding van studente wat die skool besoek vir praktiese onderwyservaring asook die onderwysers, word die hoof as't ware heropgelei en kan hy sodoende vernuwingsmoontlikhede makliker identifiseer.

- Deur gebruik te maak van die vakkennis waaroor die departementshoof beskik, en hom sodoende te benut om kurrikulumver= nuwingsmoontlikhede te identifiseer.
- Deur persoonlike kontak te maak met die onderwysers deur gesprekke met hulle te voer na afloop van klasbesoeke en ook gedurende vakvergaderings.
- Deur in gesprek te tree met die Superin= tendent van Onderwys Akademies.
- Deur lesings by te woon wat deur univer= siteite oor die betrokke onderwerp aange= bied word.
- Deur die verslae van institute byvoorbeeld die Buro vir Kurrikulering en Evaluering deeglik te bestudeer.
- Deur verder aan 'n universiteit of die OKVD te studeer, om sodoende sy kennis oor die bepaalde onderwerp verder te verbreed.
- Die benutting van die onderwysersentrum deur lesings wat in die verband aangebied word, by te woon of deel te hê aan die aktiwiteite van die verskillende werk= groepe.
- Deur die studiegidse van studie- en vak= komitees deeglik te bestudeer.

6.2.2.2.1.3 <u>Evaluering van die hoof se bevindinge</u>

Die hoof se bevindinge moet geëvalueer word om sodoende die wetenskaplike geldigheid daar= van te bepaal. Hierdie taak kan verrig word deur 'n ondersoekspan bestaande uit die be= trokke departementshoof en die onderwysers wat onderrig in die vak waarin die vernu= wingsmoontlikhede geïdentifiseer is.

6.2.2.2.1.4 <u>Inkennisstelling van die onderwysowerhede</u>

Die hoof formuleer 'n voorstel vir die kur= rikulumvernuwing en stuur dit dan deur aan

die onderwysdepartement vir verdere aandag en evaluering.

6.2.2.2.2 Die take van die hoof wanneer kurrikulumvernuwing van buite geïnisieer word

In hierdie geval tree die hoof op as professionele tussenganger of as agent tussen die strukture en persone wat die kurrikulumvernuwing inisieer en die onderwysers wat die kurrikulumvernuwing prakties moet implementeer en uitvoer. Vir die suksesvolle implementering van kurrikulumvernuwing sal die hoof aandag moet skenk aan sekere van die volgende aspekte:

- Bewuswording van kurrikulumvernuwing wat geïmplementeer gaan word.
- Bewuswording van wat die kurrikulumvernuwing alles behels.
- Personeelontwikkeling vir kurrikulumvernuwing deur die bepaling van die personeelpotensiaal en motivering van die personeel vir die implementering van die kurrikulumvernuwing.
- Die skepping van 'n gunstige klimaat vir die implementering van die kurrikulumvernuwing.
- Die bevordering van kommunikasie en die skepping van kommunikasiekanale tussen die verskillende persone betrokke by die kurrikulumvernuwing.
- Die beplanning vir die implementering van die kurrikulumvernuwing.
- Die organisering van die implementering van kurrikulumvernuwing.
- Die daarstelling van fasiliteite vir die implementering van kurrikulumvernuwing.
- Die beheeruitoefening oor die implementering van kurrikulumvernuwing.
- Die beskikbaarstelling van die nuwe vakkurrikulums wat geïmplementeer moet word.
- Die beskikbaarstelling van handboeke en/of

aantekeninge vir gebruik by die implementering van die nuwe vakkurrikulums.

- Die aanvulling tot kurrikulêre riglyne vir onderrigmetodes.
- Die daarstelling van riglyne vir evaluering.
- Die evaluering van die nuwe kurrikulum.

6.2.2.2.3 <u>Die take van die hoof wanneer kurrikulumvernuwing deur 'n personeellid geïnisieer word</u>

Die taak van die hoof sal in hierdie geval wees om eerstens ondersoek in te stel na die geldigheid van die voorstel tot kurrikulumvernuwing en tweedens deur 'n voorstel vir die kurrikulumvernuwing te formuleer en aan die onderwysdepartement te rig vir verdere evaluering.

6.2.2.3 <u>Inkorporering van kurrikulumvernuwing</u>

Die mate van doeltreffendheid waarmee kurrikulumvernuwing geïmplementeer word, kan daartoe bydra dat die vernuwing vinnig en suksesvol geïnkorporeer word. Die hoof kan daartoe bydra dat die kurrikulumvernuwing vinnig en suksesvol geïnkorporeer word wanneer hy bewus is van sy take en hierdie take doeltreffend uitvoer, gedurende die implementering van kurrikulumvernuwing.

6.2.3 <u>Opleiding van die hoof van die sekondêre skool in kurrikulumvernuwing</u>

6.2.3.1 <u>Die noodsaaklikheid vir die opleiding van die hoof in kurrikulumvernuwing</u>

Om kurrikulumvernuwing suksesvol in die sekondêre skool te kan identifiseer, implementeer en inkorporeer, sal dit noodsaaklik wees dat die hoof as onderrigleier in die skool daarvan kennis sal neem dat hy:

i) wel 'n taak te verrig het in kurrikulumvernuwing;

ii) kennis sal moet neem van wat sy take in kurrikulumvernuwing behels;

iii) oor die nodige kennis en vaardigheid sal moet beskik om hierdie take op die mees doeltreffende wyse te kan uitvoer.

Dit sal daarom noodsaaklik wees dat die hoof vir dié doel opgelei moet word, ten einde te verseker dat kurrikulumvernuwing in die sekondêre skool optimaal kan plaasvind.

6.2.3.2 Die behoeftes en leemtes wat daar bestaan in die opleiding van die hoof in kurrikulumvernuwing

Omdat daar na die lansering van Sputnik I bevind is dat die onderwys nie tred gehou het met die veranderinge wat daar op wetenskaplike en tegno= logiese gebied gemaak is nie, is die aandag van onderwysleiers op die noodsaaklikheid van kurri= kulumvernuwing gevestig.

In verskeie lande is daar ondersoek ingestel na die opleiding van die hoof vir sy taak as hoof van die skool. Een van die aanbevelings wat ge= spruit het uit hierdie ondersoek, was dat die hoof opgelei behoort te word in die ontwerp, imple= mentering en evaluering van verskillende kurri= kulums.

Daar is ook verder bevind dat die onderwyser nie oor die vermoë beskik om kurrikulums te ontwikkel nie, en dat daar 'n moontlike korrelasie bestaan tussen die verskillende wyses waarop vernuwing bevorder of gestuit word en die bestuurstyl van die hoof van die skool.

In die RSA is bevind dat 'n betreklik klein per= sentasie van die hoofde van skole tyd aan kurri= kulumaangeleenthede afstaan.

Die gevolgtrekking waartoe gekom is, is dat onder= wysers 'n taak behoort te vervul in die aanpassing van die basiese kurrikulummateriaal deur dit ver= der te verwerk, te interpreteer en te implemen= teer in die onderwyssituasie van elke skool. Om

dit te kan doen, sal die onderwysers en veral die hoof as leier van die onderrig in die skool, doelgerig daarvoor opgelei behoort te word.

6.2.3.3 Bestaande opleidingsprogramme vir die opleiding van die hoof

Daar bestaan wel verskillende opleidingsgeleent= hede vir die hoof in verskillende oorsese lande. Alhoewel die spesifieke opleidingsgeleenthede vir hoofde in die RSA nie in alle opsigte met dié van ander sektore vergelyk kan word nie, word daar tog deur die onderwysdepartemente en universi= teite in 'n toenemende mate in hierdie behoefte voorsien.

Die volgende opleidingsgeleenthede bestaan tans vir die hoof in die RSA:

i) Universiteitskursusse byvoorbeeld B.Ed. in kurrikulumstudies.
ii) Verdere studie by die OKVO in onderwys= bestuur.
iii) Indiensopleidingskursusse vir nuutaange= stelde hoofde en ook gesoute hoofde.
iv) Selfstudie deur die bestudering van opvoed= kundige boeke, tydskrifte en die verslae van studiekomitees.

6.3 Samevatting van die empiriese ondersoek

In hoofstuk vyf is die empiriese ondersoek beskryf en die gegewens getabuleer, ontleed en verklaar. Die empiriese ondersoek het uit die volgende bestaan:

i) Onderhoude met kurrikulumkundiges en profes= sionele onderwysleiers.
ii) 'n Gestruktureerde vraelys wat aan hoofde van sekondêre skole in Transvaal vir beantwoording gestuur is.

Uit die gegewens wat deur die empiriese ondersoek verkry is, het die volgende bevindinge duidelik na vore gekom:

i) Die hoof van die sekondêre skool het 'n besliste taak in kurrikulumvernuwing.

ii) Die hoof van die sekondêre skool kan wel vir hierdie take in kurrikulumvernuwing opgelei word en dat hy wel opgelei behoort te word.

## 6.4 Bevindinge, gevolgtrekkings en riglyne

### 6.4.1 Bevindinge

Uit die navorsing wat onderneem is, het die vol= gende bevindinge na vore gekom:

i) Alle vernuwing is nie noodwendig 'n verbete= ring nie. Vernuwing wat nie 'n verbetering is nie, werk in 'n negatiewe rigting en sal daarom die teenoorgestelde uitwerking as waarvoor dit beplan is tot gevolg hê. Ver= nuwing behoort 'n positiewe verandering te wees, wat doelbewus, bepland en gerig is op 'n beter en doeltreffender bereiking van die voorafgestelde doel.

ii) Die onderwys as deel van 'n vinnig ontwikke= lende en veranderende leefwêreld moet nood= wendig ook verander en vernuwe om sodoende tred te hou met die eietydse eise wat daaraan gestel word. Onderwysvernuwing is dus die noodsaaklike positiewe verandering wat doel= bewus, bepland gerig is op 'n beter bereiking van die doel van die onderwys.

iii) Omdat die onderwys deel van die veranderende leefwêreld uitmaak, is dit noodsaaklik dat die leerinhoude ook sal verander om te kan voldoen aan die eise wat daaraan gestel word. Kurrikulumvernuwing vind daarom as proses in verskillende stadiums met wisselende betrok= kenheid van die hoof plaas. Kurrikulumver= nuwing word daarom herken wanneer enige same= voeging van vroeëre afsonderlike inhoude, by= voeging tot bestaande doel en inhoud van die vak of dele daarvan, en/of weglating van dele van die kurrikulum voorkom.

Indien metodologiese en evalueringsriglyne, wat in gidse vir die onderwyser gegee is, gewysig of in 'n proses van wysiging is, word dit ook as kurrikulumvernuwing beskou.

iv) Daar kan wel van verskillende strategieë gebruik gemaak word om kurrikulumvernuwing tot stand te bring. Strategieë vir kurri= kulumvernuwing kan beskou word as metodes of maneuvers waarvan gebruikgemaak word om ver= nuwing binne 'n kurrikulum tot stand te bring.

Die volgende strategieë kan met vrug gebruik word in die bevordering van kurrikulumver= nuwing:

- Die hoof van die sekondêre skool moet bewus gemaak word van sy taak in kurri= kulumvernuwing.
- Deur die hoof op te lei vir sy taak in kurrikulumvernuwing.

v) Kurrikulumvernuwing bestaan uit die volgende stappe, naamlik: Inisiëring, herontwerp, herimplementering, herevaluering en inkor= porering (vgl. model 2.6).

vi) Kurrikulumvernuwing as proses vind nie ge= isoleerd plaas nie maar daar is 'n aantal persone en strukture betrokke by kurriku= lumvernuwing (vgl. model 2.7).

vii) In hoofstuk drie is die take van die hoof in kurrikulumvernuwing uiteengesit. Hier= die take van die hoof is in die empiriese ondersoek (vgl. hoofstuk 5) bevestig en verder verduidelik.

viii) Die opleiding van die hoof van die sekondêre skool vir sy taak as hoof is in hoofstuk vier uiteengesit en deur die empiriese ondersoek (vgl. hoofstuk 5) bevestig en verder ver= duidelik.

Die volgende bevindinge het uit die empiriese onder= soek na vore gekom:

- * Dat die hoof van die sekondêre skool 'n taak in kurrikulumvernuwing te vervul het. Hierdie taak van die hoof word as uitvoerend of as beide be= herend en uitvoerend beskou.

- * Wat die hoof se aandeel in die inisiëring van kurrikulumvernuwing betref, is bevind dat:
  - dit van groot belang is dat die hoof self bewus word van die noodsaak tot kurrikulum= vernuwing;
  - dit van belang is dat die hoof self die nood= saaklikheid van kurrikulumvernuwing identifi= seer.

- * Wat die hoof se aandeel in die implementering van kurrikulumvernuwing betref, is bevind dat:
  - dit van belang is dat die hoof sal bepaal wat die vernuwing behels;
  - dit van groot belang is dat hy 'n gunstige klimaat vir kurrikulumvernuwing skep;
  - dit van groot belang is dat hy doeltreffende kommunikasie bevorder;
  - dit van groot belang is dat hy beplan vir die implementering van kurrikulumvernuwing;
  - dit van belang is dat hy sal organiseer vir die kurrikulumvernuwing;
  - dit van belang is dat hy beheer uitoefen ty= dens die implementering van kurrikulumvernu= wing;
  - dit van belang is dat hy tydens en na die im= plementering van kurrikulumvernuwing die nuwe kurrikulum sal evalueer.

- * Betreffende die effektiefste metode vir die hoof om bewus te word van die noodsaak tot kurrikulum= vernuwing, is bevind dat:
  - gesprekke met die departementshoof en die onderwyser as die effektiefste metodes be= skou word;
  - gesprekke met die leerlinge as die onef= fektiefste metode beskou word.

* Betreffende die effektiefste metode vir die hoof om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing te identifiseer, is bevind dat:
  - gesprekke met die departementshoof en die onderwyser as die effektiefste metodes be= skou word;
  - gesprekke met die leerlinge en die SOA as die oneffektiefste metodes beskou word.

* Wat die doeltreffendheid van die wyses waarop die hoof homself in die geleentheid behoort te stel om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing raak te sien, is bevind dat:
  - die lees van opvoedkundige literatuur as doeltreffend beskou word;
  - die bywoon van hoofdevergaderings en kur= susse vir skoolhoofde as doeltreffend be= skou word;
  - indiensopleiding van onderwysers en studente as doeltreffend tot minder doeltreffend be= skou word;
  - gesprekke met die departementshoof as baie doeltreffend beskou word;
  - persoonlike kontak met die onderwyser na klasbesoek as baie doeltreffend beskou word;
  - gesprekke met die SOA as doeltreffend beskou word;
  - die bywoon van spesiale lesings en simpo= siums by universiteite as minder doeltreffend beskou word;
  - die lees van verslae van die Buro vir Kurri= kulering en Evaluering as doeltreffend beskou word;
  - verdere studie in kurrikulumkunde as doel= treffend tot minder doeltreffend beskou word;
  - die bywoon van lesings en groepbesprekings by onderwysersentrums as doeltreffend beskou word;
  - die bestudering van verslae van vakkomitees as doeltreffend beskou word.

* Betreffende die wyses waarop die hoof seker kan maak dat hy die vernuwing wat geïmplementeer moet word, ten volle begryp, is die volgende bevind:
  - dat dit minder doeltreffend is om al die dokumente self te bestudeer;
  - dat dit baie doeltreffend is om die betrokke departementshoof en vakonderwysers te vra om die voorgestelde vernuwing te bestudeer en aan die hoof terug te rapporteer;
  - dat dit baie doeltreffend is om 'n besoek van die SOA te reël, om die vernuwing by die skool bekend te stel;
  - dat dit baie doeltreffend is om 'n vergadering van al die betrokke departementshoofde van buurskole onder leiding van die SOA by 'n sentrale skool of onderwysersentrum te belê, om die vernuwing te verduidelik.
* Wat die wyses waarop die hoof 'n gunstige klimaat vir die implementering van kurrikulumvernuwing kan skep, betref, is bevind dat:
  - dit as baie doeltreffend beskou word vir die hoof om belang te stel in wat die onderwyser doen en wat hulle vordering met die vernuwing is;
  - dit as doeltreffend beskou word om die onder=wysers aan te moedig tot verdere studie in kurrikulumkunde om sodoende hulle belangstel=ling in kurrikulumvernuwing te prikkel;
  - dit baie doeltreffend is om die onderwyser aan te moedig om in groepe saam te werk om sodoende uit mekaar se suksesse en probleme te leer;
  - dit as baie doeltreffend beskou word om die onderwysers aan te moedig om, sodra hulle probleme ondervind, dit direk met die de=partementshoof of hoof te bespreek om so=doende hulp te verkry.
* Wat die bestaande kommunikasie tydens die imple=

mentering van kurrikulumvernuwing betref, is bevind dat:

- daar tot 'n mindere mate kommunikasie tussen die onderwyser en SOA bestaan;
- daar tot 'n mate kommunikasie tussen die departementshoof en die SOA bestaan;
- daar onbeduidende of tot 'n mindere mate kommunikasie bestaan tussen die onderwyser en die studiekomitee;
- daar tot 'n mindere mate of tot 'n mate kommunikasie bestaan tussen die departe= mentshoof en die studiekomitee.

* Betreffende die doeltreffendheid van die wyses waarop die hoof kommunikasie tussen die betrokke persone tydens die implementering van kurriku= lumvernuwing kan inisieer en/of bewerkstellig, is bevind dat:
  - die aanmoediging van gereelde gesprekke tus= sen die vakonderwysers baie doeltreffend is;
  - die aanmoediging van die departementshoof om die vakonderwysers gereeld bymekaar te roep vir die bespreking van die vernuwing, baie doeltreffend is;
  - dit doeltreffend is om die SOA van tyd tot tyd te versoek om die onderwysers toe te spreek;
  - dit baie doeltreffend is om werkgemeenskappe van onderwysers en departementshoofde van verskillende skole aan te moedig om sodoende gesprekvoering te stimuleer.

* Betreffende die belang van die hoof se aandeel in die beplanning vir kurrikulumvernuwing, is bevind dat:
  - dit baie belangrik is dat die hoof bepaal wat gedoen moet word tydens die implementering van kurrikulumvernuwing;
  - dit baie belangrik is dat die hoof bepaal wie dit gaan doen;

- dit belangrik is dat die hoof bepaal in wat= ter volgorde dit gedoen gaan word;
- dit belangrik is dat die hoof weet in watter standerd dit gedoen moet word;
- dit belangrik is om te weet van watter onder= wysmetodes gebruikgemaak gaan word;
- dit belangrik is om te bepaal hoe en wanneer daar geëvalueer gaan word.

* Betreffende die hoof se aandeel in die organise= ring van kurrikulumvernuwing, is bevind dat:
  - dit baie belangrik is dat die hoof die nodige onderwysmedia en apparaat beskikbaar stel;
  - dit baie belangrik is dat die hoof die nodige fasiliteite beskikbaar stel;
  - dit belangrik is dat die hoof toesien dat die apparaat gereeld versien word;
  - dit baie belangrik is dat die hoof sal toesien dat daar nie botsings op die perioderoosters sal voorkom nie;
  - dit belangrik is dat die hoof reël dat kundige persone byvoorbeeld kurrikulumkundiges, die skool besoek om hulp aan te bied.

* Betreffende die wyses waarop die hoof beheer oor die implementering van kurrikulumvernuwing kan uitoefen, is bevind dat:
  - klasbesoek as baie doeltreffend beskou word;
  - kontrole van die leerlinge se werk as doel= treffend beskou word;
  - kontrole van die onderwysers se administra= tiewe stukke as baie doeltreffend beskou word;
  - kontrole van die leerlinge se punte in toetse en eksamens as doeltreffend beskou word.

* Wat die belangrikheid van die hoof se aandeel tydens die evaluering van die nuwe kurrikulum betref, is bevind dat:
  - dit belangrik is om probleme en leemtes in die kurrikulum te identifiseer;
  - dit baie belangrik is dat daar terugvoering

van die gegewens aan die departement sal wees.

* Wat die doeltreffendheid van die wyses waarop die hoof vir sy taak as hoof opgelei word betref, is bevind dat:
  - indiensopleidingskursusse deur onderwysde= partemente as baie doeltreffend beskou word;
  - OKVO-kursusse as doeltreffend beskou word;
  - verdere studie aan 'n universiteit as doel= treffend beskou word;
  - spesiale kursusse vir die opleiding van potensiële hoofde (adjunk-hoofde) as baie doeltreffend beskou word;
  - geen verdere opleiding, maar slegs prak= tiese ondervinding in die skool as ondoel= treffend beskou word.

6.4.2 <u>Gevolgtrekkings</u>

6.4.2.1 <u>Samevattend</u>

As gevolg van die voorafgaande bevindinge wat gemaak is, kan die volgende samevattende ge= volgtrekkings nou gestel word:

i) Daar bestaan 'n behoefte aan voortdurende onderwysvernuwing en meer spesifiek wat hierdie navorsing betref aan voortdurende kurrikulêre vernuwing in die sekondêre skool.

ii) Die hoof van die sekondêre skool het 'n taak as kurrikulêre vernuwingsagent in die onder= wys te verrig.

iii) Daar bestaan 'n behoefte aan die voort= durende opleiding van die hoof van die sekondêre skool, nl. as kurrikulêre ver= nuwingsagent.

6.4.2.2 <u>Riglyne aan die hoof van die sekondêre skool vir die inisiëring van kurrikulumvernuwing</u>

Die volgende riglyne kan vir die inisiëring van kurrikulumvernuwing met vrug deur die hoof ge= bruik word:

Die hoof moet self bewus word van die noodsaak tot kurrikulumvernuwing. Die doeltreffendste metodes waarvan die hoof gebruik kan maak om bewus te word van die noodsaak tot kurrikulumvernuwing is die volgende:

i) Gereelde gesprekke met die departementshoof oor die kurrikulum en kurrikulumvernuwing.
ii) Gesprekke met die onderwyser na klasbesoek oor die kurrikulum en kurrikulumvernuwing.
iii) Gereelde klasbesoek met die oog op die doel= treffendheid van die onderrig en die kurri= kulum.
iv) Gesprekke met die SOA oor die doeltreffend= heid van die kurrikulum.
v) Gesprekke met die leerlinge om te bepaal of die kurrikulum voldoen aan die vereistes wat hulle daaraan stel.

Die hoof moet self die noodsaaklikheid van kur= rikulumvernuwing identifiseer. Die doeltreffend= ste wyse waarop die hoof die noodsaak tot kurri= kulumvernuwing kan identifiseer is die volgende:

i) Deur gesprekke met die departementshoof te voer oor die leemtes en tekortkominge wat daar in die kurrikulum mag bestaan.
ii) Deur gesprekke met die vakonderwyser oor die leemtes en tekortkominge wat daar in die kurrikulum mag bestaan.
iii) deur gereelde klasbesoek met die oog op die identifisering van leemtes en tekortkominge wat daar in die kurrikulum mag bestaan.
iv) Deur gesprekke met die SOA oor moontlike leemtes en tekortkominge wat daar in die kurrikulum mag bestaan.
v) Deur gesprekke met die leerlinge oor die kurrikulum om te bepaal of daar dele van die kurrikulum bestaan waarmee hulle pro= bleme ondervind.

Die hoof behoort homself in die geleentheid te stel om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing raak te sien. Die volgende wyses waarop die hoof homself in die geleentheid behoort te stel om die noodsaak tot kurrikulumvernuwing raak te sien, word as doeltreffend beskou:

i) Deur opvoedkundige literatuur byvoorbeeld Onderwysbulletins, Educational Journal en verslae van die RGN te lees.

ii) Deur gereelde gesprekke met die departe= mentshoof te voer, om sodoende inligting in te win oor die kurrikulum.

iii) Deur persoonlike kontak met die onder= wyser na klasbesoek te maak en gesprek te voer oor die kurrikulum.

iv) Deur gesprekke met die SOA te voer oor die kurrikulum

v) Deur lesings en groepbesprekings oor kurri= kulumvernuwing by onderwysersentrums by te woon.

vi) Deur die verslae van vakkomitees noukeurig te bestudeer.

vii) Deur die verslae van institute byvoorbeeld die Buro vir Kurrikulering en Evaluering te bestudeer.

viii) Deur die bywoning van hoofdevergaderings en kursusse vir skoolhoofde.

ix) Deur verdere studie in kurrikulumkunde te onderneem.

x) Deur te versoek om op vak- of studiekomitees te dien.

6.4.2.3 <u>Riglyne aan die hoof vir die implementering van kurrikulumvernuwing</u>

Vir die suksesvolle implementering van kurriku= lumvernuwing kan die hoof die volgende riglyne met vrug volg:

- Die hoof moet eerstens bepaal wat die ver= nuwing behels en hy moet daarna seker maak

dat hy die vernuwing wat geïmplementeer gaan word, ten volle begryp.

Die volgende wyses waarmee die hoof dit kan ver=mag word as doeltreffend beskou:

i) Deur die departementshoof en vakonder=wysers te vra om die voorgestelde vernu=wing deeglik te bestudeer en daarna aan hom terug te rapporteer.

ii) Deur 'n vergadering van al die betrokke departementshoofde van die buurskole onder leiding van die SOA by 'n sentrale skool of onderwysersentrum te belê, en die vernuwing te verduidelik.

iii) Deur 'n besoek van die SOA te reël, om die vernuwing by die skool bekend te stel.

Die skepping van 'n gunstige klimaat vir kur=rikulumvernuwing.

'n Gunstige klimaat vir kurrikulumvernuwing kan doeltreffend deur die hoof geskep word, deur die volgende te doen:

i) Deur belang te stel in wat die onder=wyser doen en wat hulle vordering met die implementering van die kurrikulumvernu=wing is.

ii) Deur die onderwysers aan te moedig om in groepe saam te werk en sodoende uit mekaar se suksesse en probleme te leer.

iii) Deur die onderwysers aan te moedig om, sodra hulle probleme ondervind, dit direk met die departementshoof of die hoof te bespreek om sodoende hulp te verkry.

iv) Deur die onderwysers tot verdere studie in kurrikulumkunde aan te moedig en so=doende hulle belangstelling in kurriku=lumvernuwing te prikkel.

Die bevordering van doeltreffende kommunikasie in kurrikulumvernuwing.

Doeltreffende kommunikasie tussen die betrokke persone tydens die implementering van kurri= kulumvernuwing kan deur die hoof op die vol= gende wyses geïnisieer en/of bewerkstellig word:

i) Deur gereelde gesprekke tussen die vak= onderwysers aan te moedig.
ii) Deur die departementshoof aan te moedig om die vakonderwysers gereeld bymekaar te roep vir die bespreking van die kur= rikulumvernuwing wat geïmplementeer word.
iii) Deur werksgemeenskappe van onderwysers en departementshoofde van verskillende skole aan te moedig, om sodoende ge= sprekvoering te stimuleer.
iv) Deur die SOA van tyd tot tyd te versoek om die onderwysers toe te spreek oor die kurrikulumvernuwing wat geïmplementeer word.

Die beplanning vir die implementering van kurrikulumvernuwing byvoorbeeld wie, wanneer en wat gedoen gaan word.
Vir die beplanning van die implementering van kurrikulumvernuwing is dit vir die hoof be= langrik om die volgende in ag te neem, naamlik:

i) Wat gedoen moet word tydens die imple= mentering van kurrikulumvernuwing.
ii) Wie dit gaan doen.
iii) In watter volgorde die kurrikulumver= nuwing gedoen gaan word.
iv) In watter standerd die kurrikulumver= nuwing geïmplementeer gaan word.
v) Watter onderwysmetodes gebruik gaan word.
vi) Hoe en wanneer daar geëvalueer gaan word.

Die organisering vir die implementering van die kurrikulumvernuwing, byvoorbeeld wat

benodig gaan word en hoe dit verkry gaan word. Die hoof vervul 'n belangrike taak in die orga= nisering van die implementering van kurrikulum= vernuwing, wat die volgende betref:

i) Die beskikbaarstelling van onderwysmedia en apparaat.

ii) Die beskikbaarstelling van fasiliteite byvoorbeeld lokale.

iii) Die voorkoming van botsings op periode= roosters.

iv) Deur te reël dat kundige persone, byvoor= beeld kurrikulumkundiges, die skool be= soek om hulp aan die onderwysers te ver= leen.

v) Deur toe te sien dat die apparaat gereeld versien word.

Die beheeruitoefening tydens die implementering van kurrikulumvernuwing.
Die hoof vervul 'n belangrike taak in die doel= treffende beheeruitoefening oor die implemen= tering van kurrikulumvernuwing deur die vol= gende take te verrig:

i) Gereelde klasbesoek om sodoende te bepaal of daar volgens die neergelegde voorskrif= te te werk gegaan en gevorder word.

ii) Deur die werk van die leerlinge gereeld te kontroleer of te laat kontroleer om sodoende te bepaal of die leerlinge die nuwe leerinhoude bemeester.

iii) Gereelde kontrole van die onderwysers se administratiewe stukke byvoorbeeld voorbereiding, skema en verslag om so= doende te bepaal of die onderwyser die kurrikulumvernuwing ten volle begryp en volgens die voorskrifte te werk gaan.

iv) Kontrole van die leerlinge se punte in toetse en eksamens om sodoende te bepaal of hulle die nuwe leerinhoude begryp en bemeester. Dit kan dan weer as riglyn

tot verstellings en verandering in die nuwe kurrikulum dien.

Die evaluering van die nuwe kurrikulum tydens en na die implementering daarvan.
Die hoof vervul 'n belangrike taak in die evaluering van die nuwe kurrikulum en kan hierdie taak doeltreffend uitvoer deur te let op die volgende:

i) Deur daarop ingestel te wees om pro= bleme en leemtes in die kurrikulum te identifiseer.

ii) Deur toe te sien dat daar konstante terugvoering van gegewens oor die nuwe kurrikulum aan die onderwysdepartement sal wees.

6.4.2.4 Riglyne vir die opleiding van die hoof in kurrikulumvernuwing

Daar bestaan 'n behoefte vir die opleiding van die hoof in kurrikulumvernuwing, om hom sodoende op te lei vir sy taak as onderrigleier van sy skool.

Die volgende wyses waarop die hoof vir sy taak as hoof opgelei kan word, word as doeltreffend be= skou en daarom aanbeveel, naamlik:

i) Deur indiensopleidingskursusse wat deur die onderwysdepartement aangebied word.

ii) Deur kursusse vir hoofde wat deur die OKVO aangebied word.

iii) Verdere studie aan 'n universiteit byvoor= beeld B.Ed.of M.Ed.in kurrikulumkunde.

iv) Spesiale kursusse vir die opleiding van potensiële hoofde, saamgestel deur die Buro vir Kurrikulering en Evaluering in samewerking met die onderwysdepartemente en universiteite.

6.5 Evaluering van navorsingshipotese

In paragraaf 5.4 word melding gemaak van die navor= singshipotese.

Na aanleiding van die literatuurstudie wat onderneem is, word hipoteses i-iv aanvaar. Uit tabel 5.2 blyk dit duidelik dat die grootste persentasie van die re= spondente uit sekondêre skole, ongeag verskille soos:

- . die graad van die skool,
- . die medium van onderrig in die skool,
- . waar die skool geleë is,
- . ondervinding van die hoofde as hoof van 'n sekon= dêre skool,
- . akademiese kwalifikasies van die hoof,
- . opvoedkundige kwalifikasies van die hoof en
- . professionele kwalifikasies van die hoof,

die taak van die hoof in kurrikulumvernuwing beskou as beherend, uitvoerend of beide beherend en uit= voerend van aard.

Hieruit kan afgelei word dat die respondente dit eens is dat die hoof wel 'n taak in kurrikulumver= nuwing te verrig het. Hipotese vii word dus op grond van die empiriese ondersoek aanvaar.

Uit tabel 5.16 blyk dit duidelik dat die respondente van mening is dat daar 'n aantal wyses bestaan waarop die hoof van die sekondêre skool baie doeltreffend opgelei kan word vir sy taak in kurrikulumvernuwing. Hipotese viii word dus op grond van die empiriese onder= soek aanvaar.

## 6.6 Aanbevelings

Deur middel van hierdie navorsing is 'n grondige studie van die hoof as kurrikulêre vernuwingsagent in die onderwys gemaak. Hieruit het duidelik geblyk dat die hoof van die skool in 'n ideale posisie is om kurri= kulumvernuwing te inisieer en ook beheer uit te oefen oor die doeltreffende implementering daarvan. Die hoof kan optree as tussenganger tussen die kurriku= leerders aan die een kant en die onderwyser en leer= ling in die klaskamer aan die ander kant. Geen ander persoon in die onderwys kan uit hoofde van sy posisie as 'n beter kurrikulêre vernuwingsagent optree nie.

Dit het ook verder duidelik geword dat die hoof van die sekondêre skool as gevolg van die feit dat hy daagliks te doen kry met probleme van leerlinge, ouers en onderwysers wat hy moet oplos, asook die hantering van 'n veelheid administratiewe pligte en dat hy die skool op kultuur- en sportbyeenkomste moet verteenwoordig, hy soms sy taak as leier van die onderrig in die skool as minder belangrik beskou en dit dan delegeer aan die departementshoof en die onderwyser.

Aangesien dit uit hierdie navorsing duidelik geword het dat die hoof 'n besliste taak in kurrikulumver= nuwing het en dat hy ook vir hierdie taak opgelei behoort te word, word die volgende aanbevelings ge= maak:

6.6.1 <u>Aanbevelings vir die onderwys</u>

i) Dat die hoof bewusgemaak behoort te word van sy taak in kurrikulumvernuwing deur kurriku= lumvernuwing as komponent in te sluit tydens die indiensopleidingskursusse vir nuutaange= stelde hoofde asook indiensopleidingskursusse vir hoofde.

ii) Dat die rotasiestelsel vir kurrikulumvernu= wing, soos deur die KOH voorgeskryf aan die onderwysdepartemente, aan hoofde van sekondêre skole beskikbaar gestel sal word. Indien dit gedoen word, sal dit daartoe lei dat die hoof meer ingestel sal wees op die kurrikulumver= nuwing wat in sy skool geïmplementeer gaan word en verder daartoe bydra dat die hoof kurrikulumvernuwing meer geredelik sal ini= sieer.

iii) Dat daar meer administratiewe personeel by skole aangestel sal word om die hoof sodoende in staat te stel om meer aandag aan die onder= rig en die doeltreffende implementering van nuwe kurrikulums te kan skenk.

### 6.6.2 Aanbevelings vir verdere navorsing

i) Dat die noodsaaklikheid van 'n modulêre kur= rikulumstelsel vir die sekondêre skool onder= soek sal word. Dit sal daartoe bydra dat die kurrikulumvernuwing meer dikwels maar oor kleiner dele (elke module) kan plaasvind. Dit sal verder tot gevolg hê dat daar tred gehou kan word met die snelontwikkelende leef= wêreld maar sonder dat daar 'n weerstand deur die onderwyser teen die vernuwing opgebou word.

ii) Dat 'n indiensopleidingskursus vir aspirant hoofde deur byvoorbeeld die Buro vir Kurriku= lering en Evaluering in samewerking met die verskillende onderwysdepartemente, universi= teite en onderwysers opleidingskolleges saam= gestel behoort te word. Hierdie kursusse moet dan deur aspirant hoofde deurloop word voordat hulle as hoofde aangestel kan word.

## 6.7 Slotopmerking

In 'n snel veranderende wêreld is dit noodsaaklik dat die onderwys wat daar in die sekondêre skool aange= bied word, daarmee sal tredhou om sodoende die kind so op te voed en te onderrig dat hy sy Godgegewe taak as mens met selfvertroue sal kan aanvaar.

Om aan hierdie eise te kan voldoen, is dit noodsaak= lik dat die skoolkurrikulum in die algemeen en die ver= skillende vakkurrikulums in die besonder voortdurend hersien en vernuwe sal word, om sodoende te kan voor= sien in die eietydse eise wat daaraan gestel word.

Dit is noodsaaklik dat verouderde leerinhoude wat nie meer aan die eise van die tyd voldoen nie, met nuwe leerinhoude wat aan die eise wat daarvoor gestel word vervang sal word. Dit is daarom die taak van die hoof as professionele en onderrigleier om toe te sien dat kurrikulumvernuwing geïnisieer, geïmplementeer en so gou moontlik geïnkorporeer sal word.

Om aan hierdie eise te kan voldoen, sal die hoof van sy taak in kurrikulumvernuwing kennis moet neem. Om hierdie taak doeltreffend te kan uitvoer, sal die hoof noodwendig daarvoor opgelei moet word.

*"Om werklike effektiewe diens te lewer, verg effek= tiewe opleiding"* (Müller, 1979: 204). Gesien vanuit hierdie perspektief word die hoop gekoester dat hierdie navorsing van waarde sal wees by die op= leiding van die hoof van die sekondêre skool as kurrikulêre vernuwingsagent in die onderwys.

SUMMARY

Change and renewal can be found from time to time in different sectors of the society. Education is in this respect no exception.

The renewal taking place in nearly every scientific field causes and necessitates effective education in schools. This in turn, creates a need for the extention and renewal of subject curricula to cope with the demands of science, technology, economy and the political organization.

No curriculum can be altered at will since it doesn't naturally follow that any change implies improvement. Curriculum research is thus essential to test suggestions for renewal systematically by means of experimentation and evaluation.

The principal of the secondary school has an important role to play in curriculum renewal since he is in the position to determine the quality of teaching in his school.

The principal is in a favourable position to co-ordinate curriculum renewal because he has access to the pupils in the school, the teacher in the classroom, the Superinten= dent of Education Academics and those well-versed in the science of curricula who compiled the new curriculum.

From this vantage point the principal is able to identify the possibility of curriculum renewal, initiate curriculum renewal as such, implement it and facilitate the successful incorporation thereof.

The measure of success with which curriculum renewal is implemented depends to a certain extent on the attitude of the principal towards curriculum renewal and the positive climate he creates for curriculum renewal in his school.

This study has endeavoured to determine what the following comprise of:

- The concept curriculum renewal in the secondary school.
- The task of the secondary school principal concerning curriculum renewal.
- The skilful training of the secondary school principal

to prepare him for curriculum renewal and the way in which the principal should be prepared for this task in the future.

To determine the above-mentioned it is essential to esta= blish further what is meant by concepts such as "renewal", "education renewal" and "curriculum renewal". Further re= search was undertaken into the strategies for curriculum renewal in education, the steps for curriculum renewal, the structures and people involved with curriculum renewal.

The Christian National foundation of education is accent= uated by this study and it has become evident that any edu= cational renewal and therefore also any curriculum renewal, must inseperably be part of the command of God to reveal His commandments and promises to the child and to rule over His creation.

The tasks of the principal in curriculum renewal are dis= cussed under the following headings:

- When he initiates renewal himself.
- When renewal is initiated from external sources.
- When renewal is initiated by a teacher on his staff.
- The tasks of the principal in the incorporation of curriculum renewal.

This investigation includes the necessity for the training and the needs and voids that may exist in the training of the principal in curriculum renewal, as well as existing training programmes for the principal in his task as curriculum renewal leader in some overseas countries and the RSA.

Here it was found that apart from in-service training courses which are presented by education departments for principals from time to time, there are no formal training for the secondary school principal in the RSA and thus also no formal and prescribed training in the science of curricula or curriculum renewal.

A study of this nature is almost impossible without a strong empirical component by means of which specific information

and the views of curriculum experts, professional education leaders and the principals of secondary schools may be obtained.

The empirical research was launched as follows:

Firstly the views of curriculum experts in this regard were gauged by means of a series of personal interviews with curriculum experts connected with educational depart= ments and universities.

Secondly the views of leaders in the field of professional education were determined by means of a series of personal interviews.

Thirdly the views of principals of white secondary schools in the Transvaal were gauged by requesting them to answer and return to the research a structured questionnaire about the mentioned subject.

The following findings resulted from the empirical research:

- The principal of the secondary school has a definite task in curriculum renewal.
- The principal has an important share in the initiation and implementation of curriculum renewal.
- Discussions with heads of department and subject teachers are viewed as the most effective methods by means of which the principal can become aware of the need for curriculum renewal and whence the need for curriculum renewal may be identified.
- The principal can avail himself successfully of various ways to realise the need for curriculum renewal and comprehend the renewal to be implemented totally.
- Various ways exist whereby the principal can create a favourable climate for the effective implementation of curriculum renewal.
- Communication between the people involved in curriculum renewal exists to a lesser extent and this communication can be initiated by the principal very effectively.
- The principal has an important role in the planning, organization, control and evaluation of curriculum renewal.

- The principal can be trained effectively for his task in curriculum renewal.
- It was further apparent that the various demographic differences such as the grade of the school; the medium of teaching in the school; the locality of the school; the experience of the principal as head of a secondary school, and the academic, educational or professional qualifications of the principal have had no notable influence on the views of the respondents.

From the research undertaken in this respect, the following findings are deduced:

- There is a need for continued education renewal and more specific, as concerns this research, for continued curriculum renewal in the secondary school.
- The principal of the secondary school has a particular task as curriculum renewal agent in education.
- There is a need for the continual training of the prin= cipal of the secondary school as curriculum renewal agent.